# die Boodskapper

Amptelike blad van die Afrikaanse Protestantse Kerk

No. 346 • November 2021



## Paradysburgers

LIG IN DUISTERNIS

*Ons verkondig Christus wat gekruisig is ... Christus, die krag van God en die wysheid van God – 1 Kor. 1:23-24*

November 2021 | No. 346

# INHOUD

**DIE BOODSKAPPER** • By die poskantoor as nuusblad geregistreer

## Reparasie van 'n nasie (deel 2)

**REDAKSIONEEL**
**Ds. Schalk Strauss**
Iets spesifiek die antwoord op niks in besonders ..... 1

**AMPTELIK** ..... 3

**ONTVANG DIE WOORD**
**Ds. Willem van Schalkwyk**
Geen kennis van God in die land nie ..... 4

**ARTIKELS**
**Wat is veronderstel om aan te gaan?**
**Prof. GDS Smit:**
Kultuurvorming en kultuurherstel te midde van die huidige kultuuroorlog ..... 6
**Wat gaan aan?**
**Ds. Ruan Combrink**
Geen Athene sonder Jerusalem ..... 8
**Prof. Johan Bosman**
Sekulêre Godsdienstigheid vandag ..... 10
**Waarom gaan dit aan?**
**Prof. Alwyn Swanepoel**
Gnostiekeland: Die oudste dwaling het weer muteer (2) ..... 12
**Ds. Attie Boshoff**
Die tweesnydende swaard van verwerping en akkommodering ..... 14
**Wat staan ons te doen?**
**Prof. Danie Goosen**
Oor die skone, die ware en die goeie ..... 18
**Dr. Wikus Buys**
Om 'n huis te bou, om 'n stad te stig ..... 22
**Prof. GDS Smit**
Die APA se visie op Christelike wetenskap ..... 26
**Peet Schutte**
Die Nederlandse Geloofsbelydenis en Guido de Brès ..... 28

**AKTUEEL**
Bybelwoordblok: Om enkellopend te wees ..... 17
Huldeblyk ..... 21, 31
Smeltoond ..... 24
Gemeentenuus ..... 33

**IN DIE SPORE VAN GISTER MET PIETER & PIETER**
**Dr. Pieter Möller**
Dood van Jopie Fourie tydens die Rebellie van 1914 ..... 34

**VAN KARSTOELTJIE TOT BESTUURDER**
**Charlotte Fourie**
Is ek opgewasse? ..... 36

**VOORBLAD:**
**Die voorblad beeld die keersy van die uitwerping uit die paradys uit. Terugkeer na die paradys is slegs moontlik omdat die voorhangsel geskeur het. Christus het die weg na die paradys ontsluit.**
**© Embracing Brokenness Ministries**

**REDAKSIE**

**Eindredakteur**
Ds. HSW Strauss

**Redaksielede**
Di. RK Combrink, HJ Dafel, A Hough en mev. C Möller

**Redaksiesekretaresse en advertensies**
Mev. M Langeveldt
**Tel.:** 012 362 1390
**e-pos:** boodskapper@apk.co.za

*Die Redaksie vereenselwig hom nie noodwendig met alle uitsprake of menings hierin opgeneem nie.*

**BELANGRIKE TELEFOONNOMMERS EN ADRESSE**

**Gemeenskaplike Kerkkantoor**

Kerkkantoor en Boekwinkel
**Tel.:** 012 362 1390
**Faks:** 012 362 2023
**Posbus** 25139
Monumentpark, 0105
Makoustraat 516,
Monumentpark x2
**e-pos:** info@apk.co.za
**Webblad:** www.apk.co.za

**Die Afrikaanse Protestantse Akademie**

Administrasie
**Tel.:** 012 344 3960/1/2
**Faks:** 012 344 5480
**Posbus** 11488, Hatfield, 0028
Farendenstraat 430, Sunnyside
**e-pos:** info@apa.ac.za
**Webblad:** www.apa.ac.za

Gedruk en gebind deur:

**Business**Print

**Bladuitleg:** Melaney Langeveldt

Uitgegee deur:

Lig in Duisternis
UITGEWERS
liginduisternis@apk.co.za



# Iets spesifiek die antwoord op niks in besonders

**Ds. Schalk Strauss**

**As grootste wêreldmoondheid, is Amerika dikwels die voorloper op baie terreine. Die algemene siening is daarom ook dat wanneer 'n nuwe gier of tendens in die VSA kop uitsteek, dit nie lank neem voordat dieselfde gier of tendens ook in die Suid-Afrikaanse samelewing waargeneem kan word nie. Ons is gewoonlik net 'n kortkop agter. Al is ons wêrelde van mekaar verwyder, loon dit tog die moeite om hierdie giere en tendense dop te hou en te bestudeer, sodat ons kan weet wat vir ons voorlê en hoe om beter daarop te reageer.**

## Kommerwekkende tendense

In die VSA word gereeld statistiese navorsing oor verskeie sake gedoen. In 'n 2019-artikel, ontleed die Pew Research Centre die Amerikaanse statistiek met betrekking tot mense se godsdienstige affiliasie.[1] Hulle bevinding is dat Christenskap in die VSA besig is om met rasse skrede af te neem. Volgens 'n meningspeiling wat gedurende 2018 en 2019 gedoen is, beskou sowat 65% Amerikaners hulself as Christene. Dit is egter 'n afname van 12% sedert 2009. Protestantse Christene verteenwoordig steeds die grootste groepering onder volwassenes op 43%, maar dit is 'n afname van 8% sedert 2009. Die groep wat egter die meeste gegroei het, is die groep wat in Engels as "nones" bekendstaan. Dit is dié wat tydens die meningspeiling aangedui het dat hulle in "niks in besonders" glo nie. Hierdie groep het van 17% in 2009 tot 26% in 2019 toegeneem.

Hoewel hierdie groep ook die subkategorieë van ateiste (4%) en agnostici (5%) insluit, is dit belangrik om daarop te wys dat die ander 17% nie noodwendig in "niks" glo nie. Dit is moontlik dat baie respondente die "niks in besonders"-opsie tydens die meningspeiling gemerk het, omdat hulle nie lid van enige spesifieke kerkgenootskap is nie en dalk aan onafhanklike kerke behoort.

In Wes-Europa lyk die situasie nog meer beroerd. Uit die resultate van 'n meningspeiling, wat in 2018 ook deur die Pew Research Centre gedoen is,[2] blyk dit dat die meeste Wes-Europeërs hulself nog as Christene beskou, maar selde kerk toe gaan of aan ortodokse belydenisse vashou. Hulle is selfs minder godsdienstig as die "nones" van die VSA.

## Statistiek en praktyk in stryd

Die vraag is egter hoe die situasie in Suid-Afrika lyk. Dit is moeiliker om te antwoord, aangesien statistiek soos hierdie nie so geredelik deur die Suid-Afrikaanse regering bygehou word nie. Nietemin is daar in 2013 'n opname deur Statistiek Suid-Afrika gedoen waartydens 5,5% van die respondente aangedui het dat hulle in "niks in besonders" glo nie. 'n Verdere 1,6% het nie hul affiliasie gespesifiseer nie en sou waarskynlik by die 5,5% gereken kon word. Hoewel 84% Suid-Afrikaners in 2013 aangedui het dat hulle Christene is, woon slegs sowat 56% 'n weeklikse erediens by. Oor die algemeen woon swart Christene ook meer gereeld eredienste by as hul blanke eweknieë.

Hoewel daar nie in 2021 nuwe statistiek is om te ontleed nie, kan 'n mens nie help om te wonder nie: Indien soveel Suid-Afrikaners hulself as "Christene" beskou, waarom gaan dit by ons soos dit gaan? Waarom is daar bykans geen onderskeid tussen gelowiges en ongelowiges nie? Waarom kry 'n mens die gevoel dat Christene selfs meer sekulêr as nie-Christene is? Behoort dinge nie juis anders te wees nie? Behoort Suid-Afrika nie eerder 'n toonbeeld van morele integriteit, vooruitstrewendheid en onderlinge harmonie te wees nie?

## Nominaal Christelik, maar wesenlik sekulêr

Die Amerikaanse teoloog, Tim Keller, se opmerking oor nominale Christene (mense wat hulself as Christene beskou, soms kerk toe gaan en selfs die Bybel en Christenskap respekteer, maar wat nie regtig toegewyd is nie)

1 https://pewrsr.ch/3FKztjb

2 https://pewrsr.ch/3v8rh7u

help ons in ons soeke na 'n antwoord op bogenoemde vrae.[3] Hy meen dat toegewyde Christene tesame met nominale Christene in die verlede die oorwegende meerderheid in die samelewing gevorm het. Tesame was hulle verantwoordelik vir die vestiging van 'n kultuur wat die skyn van Christenskap gehad het. In die verlede het hierdie plooibare middelgroep hulself met die toegewydes geïdentifiseer, maar deesdae identifiseer hulle eerder meer geredelik met die sekulêre deel van die samelewing.

Indien dit ook waar is van die Suid-Afrikaanse samelewing, kan ons die afleiding maak dat die grootste deel van Suid-Afrikaners wat hulself as Christene beskou, waarskynlik nominale Christene is. Hulle is soos iemand wat, met die mes teen die keel vir 'n antwoord, sal sê dat hy die Blou Bulle ondersteun. In werklikheid sien jy hom egter nooit by een van hulle wedstryde nie en wanneer hy wel na 'n televisie-uitsending van 'n rugbywedstryd kyk, is dit dalk omdat hy by vriende kuier wat toevallig rugby kyk. Sonder dat hulle dit besef of selfs sal erken, is nominale Christene in wese sekulêr of in elk geval meer daartoe geneig.

## 'n Nominale belydenis

Wat ons moet verstaan, is dat nominale Christenskap uiteindelik ook lei tot 'n nominale belydenis. Waarskynlik gee Christian Smith in sy publikasie *Soul Searching: The Religious and Spiritual Lives of American Teenagers* (2005) vir ons 'n goeie samevatting van hierdie nuwe "belydenis". Hy beskryf dit selfs as 'n nuwe godsdiens wat hy *moralisties-terapeutiese deïsme* noem. Hy som hulle belydenis soos volg op:

1. God bestaan, Hy het die heelal geskep en waak oor die ganse mensdom.
2. God wil hê dat mense goed, vriendelik en regverdig teenoor mekaar moet wees, soos wat die Bybel en die meeste ander wêreldgodsdienste ons leer.
3. Die doel van die lewe is om gelukkig te wees en goed te voel oor jouself.
4. God hoef nie noodwendig by elke aspek van jou lewe betrokke te wees nie, behalwe as jy 'n probleem het wat Hy moet help oplos.
5. Goeie mense gaan hemel toe wanneer hulle sterf.

Die hartseer werklikheid is dat 'n groot getal lidmate in die tradisioneel gereformeerde kerke waarskynlik met hierdie vyfpunt-belydenis sal saamstem. Hierdie nominale belydenis het die kerk se standpunte al in so 'n mate beïnvloed, dat die evangelie van oorwinning oor die sonde deur 'n knie-buig, akkommoderende soort evangelie vervang is. In plaas daarvan om oorwinning oor die sonde te verkondig, word die aftog eerder in die naam van "liefde" geblaas.

## Oorsake

Sekerlik kan daar 'n hele klomp oorsake vir hierdie toedrag van sake genoem word, maar twee staan uit. Eerstens is Christenskap nie meer 'n kultuuraktiwiteit wat uit 'n bepaalde identiteit voortvloei nie. Omdat baie wat hulself as "Christene" beskryf se identiteit nie in Christus gesetel is nie, het die uitleef van hul geloof 'n blote gebruik geword – 'n gebruik wat verpersoonlik kan word om by ons eie behoeftes en vereistes aan te pas en dit te dien.

Tweedens moet die invloed van postmodernisme gepaar met individualisme nie geringgeskat word nie. Wanneer waarheid nie meer objektief is nie, maar relatief (postmodernisme), beteken dit dat elkeen self kan besluit wat vir hom werk. Dit is soos olie op die vuur van individualisme, waar elke haan graag koning op sy eie mishoop wil kraai. Die opkoms van vele onafhanklike kerke en huiskerke, maar ook die "privatisering" van Christenskap tot die gemak van die rusbank, is waarskynlik 'n gevolg van hierdie "ons sal self"-benadering.

## Ons reaksie

Hierdie toedrag van sake kan baie demotiverend wees. Wanneer ons die probleem egter vanuit die vaste sekerheid van Christus se oorwinning oor die dood aanpak, bied dit vir ons baie geleenthede. Met sy "glas halfvol"-benadering, meen Tim Keller selfs dat konserwatiewe Evangeliesgesindes gaan toeneem. Waarom dit nie vir ons so voel nie, is weens die erosie wat in die middel deur nominale Christene se toenemende sekularisering veroorsaak word. Ons uitdaging is dus om nominale Christene na regs (toegewyd) in plaas van na links (sekulêr) te laat skuif.

Om dit reg te kry, is dit dus nodig dat die kerk nominalisme buite én binne sy geledere op 'n werwende wyse aanspreek. Die fokus moet wees op die hart en die vestiging van 'n identiteit wat in Christus setel. Dit vra 'n sterker en nie 'n meer afgewaterde en akkommoderende boodskap nie. Dit vra 'n duidelike en ondubbelsinnige boodskap. Wanneer kerke niks in besonders verkondig,

3 https://bit.ly/3mKRQMo

moet hulle nie verbaas wees as hulle lidmate daarin begin glo nie!

Verder behoort die noodsaak van geloofwaardige Christenskap beklemtoon te word. Dit is waartoe ons in Romeine 12:1 aangemoedig word:

> *... dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer – dit is julle redelike Godsdiens.*

'n Christelike kultuur wat getuig van oorgawe en toewyding aan die Koning, is slegs moontlik wanneer dit voortvloei vanuit 'n nuwe identiteit wat deur 'n verbintenis aan die Koning bepaal word.

Wanneer ons in hierdie uitgawe opnuut oplossings vir die uitdagings van ons tyd soek, staan een saak soos 'n paal bo water: Die antwoord op niks in besonders, is (en was nog altyd) iets baie spesifiek – die evangelie van Jesus Christus.

**AMPTELIK**

## LERAARS

### Beroepe ontvang

- Ds. A Swart (Sanddrift) na Potgietersrus.

### Beroepe aanvaar

- Ds. JC Jooste (Marble Hall) na Standerton.

## BEKENDES IN LONDEN?

Daar is 'n gemeente in Londen. Gee gerus die name van u familielede of bekendes wat bediening nodig het, aan Francois van der Lith deur.
Sy kontaknommer is: +44 771 869 8137;
e-pos: engeland@apk.co.za

## SKOOLKWARTALE 2022

Eerste kwartaal: 19 Januarie – 25 Maart
12 Januarie – 17 Maart (Kusskole)
Tweede kwartaal: 5 April – 24 Junie
Derde kwartaal: 19 Julie – 30 September
Vierde kwartaal: 11 Oktober – 14 Desember

## CVO-SKOOLKWARTALE 2022

Eerste kwartaal: 12 Januarie 2022 – 18 Maart
Tweede kwartaal: 4 April – 24 Junie
Derde kwartaal: 18 Julie – 30 September
Vierde kwartaal: 10 Oktober – 7 Desember

## *DIE BOODSKAPPER*

### Wil u graag in *Die Boodskapper* adverteer?

Stuur 'n e-pos na boodskapper@apk.co.za indien u enige navrae het.

### Verskyningsdatums 2021

| Maand | Kopie in by Redakteur | Verskyningsdatum |
|---|---|---|
| **Des. 2021/Jan. 2022** | 14 Oktober | 25 November |

## FEES- EN OPENBARE VAKANSIEDAE* 2021

| | |
|---|---|
| **16 Desember*** | Geloftedag |
| **25 Desember*** | Christusfees |
| **26 Desember*** | Openbare vakansiedag |
| **27 Desember*** | Openbare vakansiedag |

## FEES- EN OPENBARE VAKANSIEDAE* 2022

| | |
|---|---|
| **1 Januarie*** | Nuwejaarsdag |
| **21 Maart*** | Openbare vakansiedag |
| **6 April** | Van Riebeeckdag |
| **15 April*** | Goeie Vrydag |
| **18 April*** | Gesinsdag |
| **27 April*** | Openbare vakansiedag |
| **1 Mei*** | Openbare vakansiedag |
| **2 Mei*** | Openbare vakansiedag |
| **26 Mei** | Hemelvaart |
| **31 Mei** | Republiekdag |
| **5 Junie** | Pinksterfees |
| **16 Junie*** | Konsentrasiekampdag |
| **9 Augustus*** | Openbare vakansiedag |
| **14 Augustus** | GRA-dag |
| **24 September*** | Openbare vakansiedag |
| **10 Oktober** | Krugerdag |
| **30 Oktober** | Hervormingsfees |
| **16 Desember*** | Geloftedag |
| **25 Desember*** | Christusfees |
| **26 Desember*** | Openbare vakansiedag |



# Geen kennis van God in die land nie

**Ds. Willem van Schalkwyk**

**Skriflesing:** Hos. 4:1-7 • **Teksvers:** *My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis ...* (Hos. 4:6)

Die boek Hoséa handel oor die laaste doodsnikke van Israel (Noordryk) se bestaan. Onder die goddelose konings van Israel het die volk ver van die Here afgedwaal. Regdeur die boek waarsku die HERE dat Hy hulle in ballingskap gaan wegvoer as hulle nie tot inkeer kom nie. Dit het uiteindelik wel gebeur.

In Hoséa 4 tree die HERE in gesprek met die priesters – die geestelike leiers van die volk. Hy identifiseer die oorsaak van hulle afvalligheid: *My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis* (v. 6). Juis daarom sê Hy al in vers 1 dat daar geen kennis van God in die land is nie. Dit is die probleem: Die moeder van die volk – die kerk (vgl. 2:1, 4:6) – het die volk verlei om die HERE op 'n ander wyse te dien as wat Hy beveel het.

Die kerk in Israel was deurspek met die oortreding van die eerste en tweede gebod. Hulle het die HERE gedien, máár deur die kalwers wat in Dan en Bet-El opgerig is – 'n oortreding van die tweede gebod. Hulle het ook die Baäls en Astartes van die volke rondom gedien – 'n oortreding van die eerste gebod. En die priesters, die kerk, het hierin voorgeloop.

Dit is vir hierdie mense wat die HERE in vers 6 sê: *Omdat jy die kennis van God verwerp het, sal Ek jou verwerp en omdat jy my wet vergeet het, sal Ek jou kinders vergeet.*

Dit is nie moeilik om die lyne na ons situasie deur te trek nie. Alhoewel ons nie Israel is nie, besef 'n mens dat God met enige gelowige volk handel soos wat Hy met Israel gehandel het.

En tog, as ons na ons eie situasie kyk, vra ons verbaas: Hoe het die Afrikanervolk tot hier gekom? Hoe is dit moontlik dat alles vir ons so oneindig skeefgeloop het in so 'n kort tydjie? Baie van ons antwoord dit alreeds deur te sê: *My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis*. Maar al sê ons dit, verstaan ons nie noodwendig die diepte van hierdie woorde nie en daarom kom ons ook nie tot die punt om iets daaraan te doen nie.

Die geestelike leiers in Israel, die kerk, het die volk verlei om die HERE anders te dien as wat Hy Hom geopenbaar het. Hulle het die ware godsdiens met heidense godsdienste vermeng (sinkretisme). Hierdie praktyke het oor honderde jare gekom en daarom kan 'n mens verstaan dat 'n volk wat aan hierdie soort godsdiensvermenging blootgestel is, nie meer die regte kennis van God in hulle harte het nie. Sy heerlikheid het hulle nie meer aan die hart gegryp nie. Hy was nie meer vir hulle dié God wat alle mag in die hemel en op die aarde het nie. Daarom kon hulle dit nie aan die volk leer nie.

By ons verloop dit nie veel anders nie. Die godsdiensvermenging – sinkretisme – vind by ons net meer verfynd plaas. Ons vermeng nie ons godsdiens met afgodediens nie, maar met ander wêreldse (heidense) gedagtes. Dit het ons volk tot in die wortel toe verrot.

In die 1970's is die histories-kritiese metode van Skrifverklaring by die teologiese skole in die land ingevoer. Hierdie Skrifverklaringsmetode fokus nie in die eerste plek op God nie, maar op die mens se kultuur. Dit vra nie wat die Bybel my van die lewende God leer nie, maar eerder: Wat leer ek van daardie mense se "beskouing" oor God? Predikante wat opgelei is om só met die Bybel om te gaan, kan onmoontlik die grootheid, almag en majesteit van God verstaan. Gevolglik kan hulle dit nie aan die volk leer sodat hulle in verwondering én

gehoorsaamheid voor die groot en magtige God van die Bybel kan neerbuig nie.

Die gevolg hiervan is dat die meeste Afrikaners sê dat hulle Christene is en in hulle alledaagse optrede kan daar selfs trekke van die Christelike waardes gesien en gehoor word, maar hulle praktiese godsdiensbeoefening is van sinkretisme deurtrek. Daar is nie net 'n afwatering van die Christelike waardes nie – daar het 'n vermenging met wêreldse ideologieë plaasgevind. Ons het eenvoudig net nie meer die kennis van God om die sinkretisme wat ingevoer word, raak te sien nie.

Hierdie sinkretisme wat in die kerk ingesluip het, word sigbaar in die wyse waarop die evolusieteorie met die Bybelse waarheid van die ses-dag-skepping "versoen" word. Nou word verkondig dat God oor miljoene jare geskep het, maar dit is nie wat die Bybel leer nie. Ook die feministiese beskouing dat die man nié die hoof van die huis is nie, word op 'n taktvolle wyse in die kerk ingevoer deur vroue in die ampte te laat dien.

Baie kerke in Suid-Afrika verkondig nie meer die evangelie nie, maar 'n verheerlikte vorm van spiritualiteit. Dit gaan oor 'n persoonlike belewing van jou godsdiens. Dit is 'n soort godsdiens wat eerder op die mens en sy ervaring gerig is en nie op die verheerliking van God nie. Die waarheid word nie bepaal deur die inhoud van die Woord nie, maar deur die eie ervaring en belewenis.

Hierdie sinkretisme het ons fokus van God laat wegdwaal. Die histories-kritiese metode van Skrifverklaring het die deur wyd oopgegooi vir die humanisme. Dit het die kerk mensgesentreerd eerder as Godgesentreerd gemaak. Die hele aanslag van die teoloë in ons land is dat sonde nie so verskriklik is nie, want God is mos liefde en daarom straf Hy nie. Verder word ons aangemoedig om mense wat hardnekkig in sonde leef, in liefde te omhels.

Baie predikante het 'n god aan ons begin verkondig wat kwansuis alles verstaan: Die Here sal verstaan waarom jy nie dadelik met jou sonde kan breek nie; Hy sal verstaan waarom jy saambly; Hy sal verstaan waarom jy in homoseksualisme leef; Hy sal verstaan waarom jy nie ander wil vergewe nie; ensovoorts.

Ons is besig om ten gronde te gaan, want ons het nie die kennis van God nie. Ons aanbid 'n skeefgetrekte beeld van Hom. Ons aanbid 'n selfgemaakte god wat altyd net vriendelik en vergewensgesind is; vir wie sonde nie so erg is nie. Dit is nie die God van die Bybel nie. Sonde is verskriklik. Sonde tas die allerhoogste majesteit van die groot, magtige God aan. Hierdie soort humanisme maak die kruisdood van die Here Jesus baie goedkoop. Indien sonde nie so erg is nie, waarom moes Hy dan aan 'n kruishout daarvoor betaal? Indien volharding in die sonde nie vir jou die hel mag bring nie, waarom het ons Here dan helse pyn en smart in ons plek beleef?

Die Afrikanervolk (soos ander volke) moet dit hoor: Wanneer God se liefde vertrap word, tree Hy op. Dit is wat Hy in Hoséa vir ons leer.

Daar is nog baie sake wat ons in hierdie verband kan aanraak, maar u behoort nou die bedoeling van ons *gebrek aan kennis* te verstaan. Omdat ons nie meer die kennis van God in ons harte het nie, is ons besig met 'n godsdiens waarin dit glad nie meer oor God en sy eer gaan nie, maar oor onsself. Jý het die bepalende faktor geword van hoe jou gehoorsaamheid en diens aan die Here lyk en nie die Here nie. Dit is 'n oortreding van die tweede gebod.

Kan u sien hoe relevant die Here se woord aan Israel ook vir ons is? Kan u sien dat daar in ons eie harte 'n geweldige gebrek aan kennis van die een ware God is? Verstaan u dat indien dié kennis in ons harte bly ontbreek, ons volk in die wêreldsee van heidense onkunde gaan wegsink?

Ons ken nie meer die Woord van God nie en daarom ken ons nie meer die God van die Woord nie. En omdat ons Hom nie ken nie, word dit sigbaar in die wyse waarop ons ons lewens leef. Daarom roep die Here ons om werk te maak van hierdie saak. Daarom, broeders, as die hoofde van u huise is dit u verantwoordelikheid om seker te maak dat die volgende geslag die Here van die Bybel ken. Daarom moet u weer erns maak met huisgodsdiens en kerkbywoning en u kinders leer wat die wil van die lewende God vir ons lewens is.

Meer is egter nodig. Kopkennis sonder hartskennis lei tot vormgodsdiens en skynheiligheid. Om God waarlik te ken, is om Christus waarlik te ken. Dit is immers Hy wat ons reinig en deur sy Gees ons harte nuut maak, sodat God se wil waarlik daarop geskryf staan. Laat ons dan ons huise met die Messias van God bedien en nie met die messiasse van die wêreld nie. Doen ons dit nie en gaan ons voort op hierdie pad van geloofsvervreemding, moet ons nie verbaas wees as die Here ons van sy aangesig af wegwerp nie.



# Kultuurvorming en kultuurherstel te midde van die huidige kultuuroorlog

**Prof. GDS Smit**

Toe 'n groep Voortrekkers onder leiding van Jacobus Uys getrek het om die Kaapkolonie vir goed te verlaat, het hulle in April 1837 naby Grahamstad uitgespan. 'n Engelse afvaardiging het die trekkers besoek en 'n Statebybel aan hulle oorhandig. By die Voortrekkermonument in Pretoria vind ons 'n uitbeelding teen die marmergedenkmuur van die oorhandiging van dié Bybel aan die trekkers. Bewus van die diepgewortelde Christelike kultuur waarop die trekkers hulle lewens gebou het, was dié Bybel 'n getuienis van hulle afhanklikheid van God in tye van gevaar en onsekerheid en dat sy Woord 'n lig op hulle pad sou wees (vgl. Ps. 119:5).

Toe my ooroupagrootjie, eerwaarde Erasmus Smit, die week voor die slag van Bloedrivier elke aand by Sarel Cilliers gestaan het om saam die gelofte van Bloedrivier te herhaal, was daar geen twyfel dat hulle voor die heilige God van hemel en aarde staan en dat Bloedrivier een van die waterskeidingsoomblikke in die voortbestaan van die Afrikanervolk sou wees nie. Die gelofte getuig van 'n diepe besef van hulle afhanklikheid van God en daarom was dit vir hulle voor die hand liggend om te aanvaar dat die nageslag as verbondskinders – in afhanklikheid van God – op die ou spore van die vaders sou loop.

**Die gelofte spreek die hoop uit dat die kindskinders in die verbondsverantwoordelikheid daarvan sou deel.**

Met verloop van tyd het 'n kultuurskuif in die Afrikaner se beskouing oor die Bybel, die kerk en die wêreld gekom. Die skuif is so groot dat ons nie meer kan sê ons leef in 'n Christelike kultuur nie. Ons bevind onsself tans midde-in 'n kultuuroorlog, wat konflikpunte soos geloof, geskiedenis en kultuur op die spits dryf. Hierdie kultuuroorlog word onder andere deur die BLM-beweging, die Pride-beweging, vandalisering van kultuurhistoriese standbeelde en -geboue, feminisme, ensovoorts, gekenmerk. Baie teologiese fakulteite het die kontra kultuurbeweging met sy *Afrika*-Renaissance, inklusiwiteit, gelykheid, genderkwessies, sosiale geregtigheid, bevrydingsteologie en feministiese teologie – wat die sillabusse van teologiese kursusse oorheers – hoek, lyn en sinker ingesluk.

Die stadige ineenstorting van die tradisionele Christendom in Suid-Afrika en die opkoms van 'n verskeidenheid pseudo-Christendomme (valse weergawes) – met 'n teologie wat mense se ego's streel, ons liefhebberye voed en as impuls vir sonde dien – word vandag openlik van sommige kansels en sosiale media platforms af gepreek. Sodanige prediking het wel 'n spirituele aanspraak, maar is ver van die tradisionele Christendom verwyder. 'n Toenemende aantal van ons mense het hulle eie weergawes van "Christenwees" uitgedink en die gevolg is dat baie sê: "Ja vir Jesus, nee vir die kerk." Hulle verval egter maklik in 'n oppervlakkige Christenwees, gefokus op goeddoen en goedvoel, maar 'n lewe wat gekenmerk word deur die afwesigheid van 'n Christosentriese teologie. Só 'n teologie verval maklik in 'n godsdienstigheid sonder God. Sommige wil nie graag met God breek nie, maar sien nie regtig kans vir die kerk nie. Hulle beweer dat om Bybelverse met WhatsApp aan te stuur, hulle godsdienstigheid bewys en dat "YouTube-kerkuitsendings" – in die bed met nagklere en 'n koppie koffie – meer verrykend as fisiese kerkbywoning is. Die bonus is dat hulle nie nodig het om hul besige agendas te onderbreek met (soos hulle dit beskou) die onbenullige rituele van kerk en liturgie, waaroor mense in elk geval nie kan saamstem nie.

Ten spyte van bogenoemde, is daar by ons wat die Here liefhet en die roeping van sy kerk in die samelewing verstaan, konsensus dat ons by die Afrikaner opnuut 'n liefde vir God se Woord én vir sy kerk wil aanvuur en derhalwe nodig het om die sekulêre kultuur te hervorm.

Die vraag is egter hoe ons te werk moet gaan om dit te bereik, veral in 'n tyd waarin mense nie graag meer kerk toe gaan nie en die kerk weens verskeie redes sy invloed in die samelewing verloor het?

Die Woord gee vir ons goeie voorbeelde waarvolgens ons die uitdagende opdrag om die evangelie in 'n vreemde en vyandige wêreld te verkondig, moet aanpak. Paulus het, toe hy die evangelie van Christus in 'n vreemde kultuur en plek moes verkondig, gemeenskaplike grond gevind waaraan hy die evangelie kon knoop. Handelinge 17:19-32 beskryf hoe hy op die markplein van Athéne, wat as die destydse bakermat van die wysbegeerte beskou is, gaan staan het en in die idioom van sy tyd met die mense gepraat het oor hulle behoefte aan 'n persoonlike God, aangesien húlle gode onpersoonlike, mensgemaakte wesens was, wat nie die natuurlike behoefte aan verbondenheid kon vul nie.

Ons het dié ooreenkoms met wat Paulus in Athéne gevind het, dat die kultuur waarin ons ons tans bevind, óók nog godsdienstig van aard is. Die Jedi in *Star Wars* se woorde: "May the force be with you," getuig veel van die kultuur waarin ons ons bevind, waarbinne daar kwansuis nie plek vir Christus is nie, maar wel vir die "Force". Soos Paulus, moet ons óók vandag rekening hou met die filosowe van die dag wat verlossing in die mens, in die natuur óf in mensgemaakte gode soek. Soos Paulus, verkondig ons óók die evangelie in 'n kultuur waarin die kerklike taal vreemd is en óók op plekke wat nie tradisioneel beskou sou word as amptelike aanbiddingsplekke nie.

Ons koester ongelukkig 'n illusie wanneer ons dink ons gaan die afgedwaaldes met sambokke kerk toe jaag. Ons moet natuurlik nie ophou preek nie, maar ons kan ook nie daar stop nie. Ons sal soos die gelowiges van ouds, die evangelie aan die wêreld moet bring op 'n manier wat aansluit by die idioom van ons tyd en ons sal op die "markpleine" van ons tyd gehoor moet word, om die hart van die wêreldling te raak. Ons sal dus ook gemeenskaplike grond moet identifiseer. Die omstandighede waarin ons ons tans in Suid-Afrika bevind, bied egter vir ons gulde geleentheid om die ou paaie te herontdek en in die proses 'n stewige dosis Bybelse teologie aan die sekulêre samelewing toe te dien. Na my mening kan ons *modus operandi*, om enkele voorbeelde te noem, die volgende insluit:

Om mee te begin benodig ons baie meer Afrikaanse kunstenaars en sangers – met Bybelse temas en gesonde reformatoriese teologie – om tot die kultuuroorlog toe te tree.

Let op hoe sommige countryliedere byvoorbeeld op subtiele wyse met Bybelse temas omgaan, sonder dat 'n mens dit as geestelike liedere sou beskou. Daar is talle voorbeelde, maar twee daarvan is noemenswaardig, te wete Blake Shelton se *God's Country* met woorde in die lirieke soos: "Got a deed to the land, but it ain't my ground. This is God's country," of dié van Brooks & Dunn se "Believe" met die lirieke: "I can't quote the book, the chapter or the verse. You can't tell me it all ends. In a slow ride in a hearse."

Ons moet ook nie die belangrike rol van teater en film onderskat nie. Films uit die vorige eeu soos *The Robe* (1953), *Ben-Hur* (1959), *Barabbas* (1961) en *The Ten Commandments* (1956) het 'n belangrike rol gespeel in die heroriëntering van die na-oorlogse kultuur van fatalisme, pessimisme en agnostisisme. Ons benodig in ons tyd meer dokumentêre films soos *The Riot and the Dance* om die *Discovery*-kanaal en *National Geographic* se evolusieteologie teen te werk. Daarbenewens benodig ons kinderprogramme waarin die strokiesprentkarakters nie worstel met hul gender en uiteindelik verlief raak op hulle beste selfdegeslag vriend – of selfs vriende – nie!

'n Volgende terrein om te benut ten opsigte van kultuurbeïnvloeding, is dié van ons erfenis. Daar is 'n groeiende belangstelling onder jongmense om hulle in die geskiedenis te verdiep, veral omdat die geskiedenis nie aan hulle oorvertel is nie, of omdat hulle verdraaide weergawes daarvan gehoor het en self wil vasstel wat die waarheid is. Dit is een van die redes waarom die lirieke van Afrikaanse liedere soos *De la Rey* en *Afrikanerhart* so gewild is. Deur ons erfenis te herontdek, kan ons ook die waardes en lewensbeskouing van ons voorouers laat herleef.

Ons het groot geleenthede om die boodskap van die Bybel uit te dra, maar hierin het ons die hulp van meer Christenkunstenaars en -wetenskaplikes nodig. Ons het ongetwyfeld 'n belangrike roeping tot kultuurvorming en -hervorming midde-in die kultuuroorlog wat tans woed. In die stryd wat woed, word ons in Efésiërs 6:12 opnuut herinner om te besef wie die werklike vyand van die kerk is: *Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug.*



# Geen Athene sonder Jerusalem

**Ds. Ruan Combrink**

## Die aanbiddingsdrang

Elke mens het 'n godsoekende leegheid in sy hart. Enige poging om daardie ruimte met iets of iemand anders as God te vul, sal daarvan 'n bodemlose put maak. As beelddraer van God, is die mens as 'n verhoudingswese geskape. Hy het al die eienskappe wat 'n verhouding met God en die naaste moontlik maak. Die kennis, geregtigheid en heiligheid (vgl. Kol. 3:10; Efés. 4:24) waarin die mens na die beeld van God geskape is, is juis eienskappe wat van die mens 'n aanbiddingswese maak. Die drang om te aanbid en na God te soek, is dus in Adam en Eva ingeskape. Die sondeval verwring egter die beeld van God en daarmee saam die suiwere toepassing van die drang tot aanbidding. Ná die sondeval het die mens dus steeds 'n ingeskape drang tot aanbidding, maar die sondige natuur is geneig om God en die naaste te haat (HK So. 2 v/a 5)!

Calvyn beskryf die oorblyfsel van hierdie ingeskape drang as 'n gevoel van die Godheid (*sensus divinitatis*) wat in die hart van die mens ingegraveer is (Institusie 1.4.4). Elders noem hy dit die saad van die godsdiens (*semen religionis*). Deur God se openbaring van Homself aan die mens in die natuur en die Skriftuur (NGB art. 2), kan die mens tot kennis kom van dié God wat hom as aanbiddingswese geskep het. Deur Christus se Geesgedrewe verlossingswerk, kan die mens herstel word in sy aanbidding van die ware God. Die effek van die oorblyfsels van hierdie drang tot aanbidding, beteken wel dat die mens wat God nie aanbid nie, altyd iets of iemand anders sal aanbid.

## Wie of wat aanbid ons?

Sedert Tertullianus rondom die draai van die tweede eeu n.C. in *De Praescriptionibus Adversus Haereticos* gevra het wat Athene met Jerusalem te doen het, is daar wyd gedebatteer oor die verhouding tussen filosofie (Athene) en teologie (Jerusalem). Die bespreking strek van Tertullianus en Clemens van Alexandrië tot in ons tyd. Augustinus neem deel aan die debat in *De doctrina Christiana* (boek 1.40). Hoewel Calvyn self nie juis 'n aanhanger van die filosofie was nie, skryf hy tog oor "die mate waarin profane skrywers die waarheid gevind het" wat 'n aanduiding is van "die oorvloedige seëninge wat God aan die gevalle mens oorgelaat het" (Institusie 2.2.15). Die debat is meer onlangs verder verryk deur die bydraes van CS Lewis in *Prince Caspian en Weight of Glory* en heers steeds vandag.

> **Wat hierdie debat uitwys, is dat die Westerse wêreldbeskouing grootliks op Athene en Jerusalem gebou is, dalk meer spesifiek op Athene – 'n denkwyse wat deur Jerusalem (evangelie van Christus) deursuur, omvorm en geheilig is.**

Die Afrikanervolk is gebore uit hierdie Westerse wêreldbeskouing. As ons wil vra wat aangaan, is die vraag nie net wat in ons volkslewe aangaan nie, maar ook wat in die Westerse wêreld aangaan. Wat ons in die Westerse wêreld sien gebeur en gevolglik ook in ons volk, is 'n poging om Athene sonder Jerusalem op sy eie voete te laat staan. Die moderne Weste wil die filosofie behou waarop dit gebou is, maar die morele onderbou daarvan verwerp. Die probleem daarmee is natuurlik die gedagte waarmee ons begin het: Die mens het 'n ingeskape drang na aanbidding. As jy God nie aanbid nie, sal jy iets of iemand anders aanbid.

Waar God verwerp word, sien ons daarom telkens steeds elemente van godsdiens. Dit is nie noodwendig elemente van die suiwere Bybelse praktyke van aanbidding van die ware God nie, maar is die tipiese rituele "sakramente" en praktyke wat 'n afwykende en nagemaakte godsdienstige kleur verleen aan wat sekulêr is.

Die hantering van die COVID-19-pandemie dien as onlangse voorbeeld. Met die verwerping van God, word alle vertroue in die "wetenskap" gestel en kan dikwels gehoor word hoe mense tot dissipels opgeroep word met

"follow the science", asof daar nie verskillende wetenskaplikes met verskillende bevindinge is nie. Hierin word die Westerse wêreld voorgegaan deur dr. Anthony Fauci, na wie die Amerikaanse politieke kommentator, Michael Knowles, verwys as "the high priest of secular progressivism". Dr. Fauci het by geleentheid gedurende 'n televisieonderhoud gesê dat wie van hom verskil, van die wetenskap verskil. In 'n onlangse musiekkonsert van die Britse sanggroep *Kaiser Chiefs*, vra die groep die gehoor om hul hande in die lug op te steek. In 'n toneel wat meer lyk na 'n lofprysingsgeleentheid by 'n Pinksterkerk as na 'n popmusiekkonsert, word dan van die verhoog af verklaar dat die gehoor "skoon" hande het, omdat hulle teen COVID-19 ingeënt is. Hulle word dan gevra om te juig, terwyl die name van verskeie soorte entstowwe uitgeroep word.

Dit is belangrik om op te let dat die argumente rondom gesondheidsbeleid selde op akademiese-, politiekeof regsdebatte neerkom. Dit neem dikwels eerder 'n morele karakter aan – hierdie of daardie is die regte ding om te doen. Sou 'n mens egter aan die verkeerde kant staan, word slegte motiewe ook dikwels aan jou toegeskryf: Jy gee nie om vir (vul maar in) bejaardes, homoseksuele mense, kinders, vroueregte, ensovoorts, nie. Vir liberaliste het aborsie amper 'n soort sakrament geword. Die aktrise, Uma Thurman, beskryf in die Washington Post, in reaksie op die staat Texas se nuutste teen-aborsie wetgewing, dat die aborsie wat sy as tiener gehad het, hoewel dit haar hart gebreek het, haar loopbaan moontlik gemaak het.

Dit is egter nie net liberaliste wat God vervang het nie. Konserwatiewes het ook 'n plaasvervangende god – die afgod van "vryheid". Daar is 'n toenemende libertarianisme[5] onder konserwatiewes, wat nie meer beperk en gebind word deur die Bybelse waardes wat eens daarvan iets edel gemaak het nie. 'n Vryheidstrewe sonder God, maak 'n mens ook los van die bande van God se wet. Die individu, wat vry moet wees om vir homself te besluit, word die afgod. Gevolglik word daar in die naam van vryheid aangevoer dat die staat nie wette behoort te maak oor dwelms, pornografie, of selfs aborsie nie. Dit word dus elke individuele vrou se eie keuse of sy haar ongebore baba om die lewe wil bring, al dan nie.

## Wie of wat jy aanbid, bepaal jou waardestelsel

Wie of wat jy aanbid sal ook bepaal wat jou waardestelsel en bron van waarheid is. Wanneer jy die drie-enige God aanbid, is die Bybel jou objektiewe bron van waarheid. Wanneer God verwerp word, moet die Bybel vervang word met 'n ander norm. Dit kan wees die beleid van die politieke party wat jy ondersteun, die norm wat deur die meerderheidsbesluit van die samelewing aanvaar word, of die eie ek. Dit is waarop postmodernisme wesenlik neerkom: Elke persoon besluit sélf wat vir hom reg is en geeneen se opinie is méér reg as 'n ander s'n nie (uitgesonder dié van die Christene, wat altyd onaanvaarbaar is).

> **Die uiteinde hiervan is wat ons vandag in die Weste en onder 'n groot deel van die Afrikanervolk sien – algehele verwarring. Wanneer daar geen objektiewe bron van waarheid is nie, kan dít wat waar is, daagliks verander.**

As ons nie die lyne trek waar die Bybel dit trek nie, word enige lyn wat ons trek, eiemagtig. Dan heers daar verwarring. Die Bybel trek die lyn by twee geslagte. As ons dit verwerp, is daar geen logiese beperking op hoeveel daar kan wees nie. Die Bybel trek die lyn van die begin van 'n lewe by bevrugting. Enige ander lyn is eiemagtig. Daar heers verwarring oor seksuele oriëntasie, seksualiteit, aborsie, genadedood en talle politieke en sosiale kwessies, omdat die Weste God en sy Woord as objektiewe bron van waarheid verwerp het.

Die mees ontstellende van die situasie is dat baie kerke wat 'n duidelike rigtinggewende profetiese stem behoort te wees, saam in die verwarring rondspartel. Hulle probeer die skyn van Christenskap behou, terwyl hulle die inhoud daarvan – God en sy Woord – vir afgode soos intellektualisme, individualisme en soms sommer openlike progressiwisme verruil. Michael Horton praat van die alternatiewe evangelie van die Amerikaanse kerk as 'n "moralistic therapeutic Deism"[6] en Ross Douthat beskryf dit as "the rootlessness of life in a globalizing world, the widespread skepticism about all institutions and authorities, the religious relativism that makes every man a god unto himself ..."[7] Die kerk in Suid-Afrika is geensins beter af nie.

Wat gaan aan? Die Weste, wat gebou is op Athene én Jerusalem, wil Athene behou en Jerusalem verwerp. Waarmee moet die Godsoekende leemtes in mense se harte dan gevul word?

1 Johann WS Odendaal, 'Die Skrifbeskouing van die vroeë kerkvaders uit Afrika (veral Tertullianus en Augustinus) en hulle relevansie vir Suidelike-Afrika' (MA Verhandeling), bl. 16-26.

2 https://bit.ly/3iDXLBR

3 https://wapo.st/2YcrkDl

4 DA Carson, *Christ and culture revisited*, bl. 128-139.

5 Filosofiese rigting wat minimale staatsinmenging in die vryemark en private lewe propageer.

6 Michael Horton, *Christless Christianity*.

7 Ross Douthat, *Bad Religion: How We Became a Nation of Heretics*.



# Sekulêre Godsdienstigheid vandag

**Prof. Johan Bosman**

**Wie opmerksaam op die geskiedenis terugkyk, vind wel rede vir legitieme introspeksie, maar nie soos mense sonder hoop nie. Ware Christenskap het al groot omwentelinge in die gesig gestaar.**

Ná afloop van die Tweede Wêreldoorlog heroriënteer die geeste oor die lengte en breedte van ons planeet. Tektoniese verskuiwings in lewensuitkyk vind van toe af plaas. Terwyl Suid-Afrika nog 'n vooroorlogse stryd teen kolonialisme beklink, klop die sogenaamde "geslag van die sestigs" al aan die deur. Sade van geestesverskuiwing was toe reeds gesaai, wat teen die laat 1980's en daarna rype vrug sou dra.

## Opmars Americano

Hoewel Suid-Afrika op 31 Mei 1961 'n republiek word, gons die wêreld oor 'n ongehoorde gebeurtenis. Pous Johannes XXIII beoog 'n konsilie, maar van ekumeniese aard. Selfs figure uit die gereformeerde protestantisme word uitgenooi, waaronder Karl Barth, Gerrit Cornelius Berkouwer en Heiko Augustinus Oberman – elk met 'n eie invloed op Suid-Afrika. Die leerstuk *Dignitatis Humanae* – oor godsdiensvryheid – getuig daarvan dat die Amerikaanse Roomses van toe af die toon aangee. Liberale demokrasie word ook wêreldwyd die model vir die kerk. Die benadering tot die nie-Christelike godsdienste verander. Die leerstuk *Nostra Aetate* byvoorbeeld, wil nie meer na Jode verwys as "Christusmoordenaars" nie. Godsdiensopenheid deurweek die ná-oorlogse mensdom.

## Kultuurrewolusie

Oorsigtelik kan van die Amerikaanse kultuurrewolusie binne die grootste kerkverband op planeet aarde gesê word: Christendom maak plek vir Christenheid. Kerk het nog net plek binne 'n sekulêre staat. Christenskap trou met wat gesien word as vooruitgang. Dogma belyn haarself met demokrasie. Die stemme van mense (*vox populi*) verklank die stem van God. Burgerregte groei uit tot menseregte. Die Amerikaanse eksperiment word oor die wêreld heen as model beskou. Veral die radio blêr Amerikaanse invloede tot aan die uithoeke van Suid-Afrika. Thokozani N Mhlambi[1] wys daarop hoe die Witwatersrand (Gauteng) instrumenteel daarin was. Selfs die swart gemeenskappe van ons land ondergaan oral hierdie invloed onder indruk van die nuutste musiekalbums uit die VSA.

## Verbruikersmentaliteit

Hoewel Suid-Afrika weens die stryd teen apartheid oënskynlik in isolasie raak, ondergaan die hele land, onder invloed van die media, 'n kultuurverandering tot in die wortels toe. Apartheid had nog ten doel 'n Christelike gemenebes – 'n gemeenskap van Christelike kultuurgemeenskappe. Ondertussen kies die ná-sestigers koers in die rigting van 'n geestelike ekologie, waarvan pragmatisme (dit wat werk) die siel se keuses wil bepaal. Teen 1994 was die teelaarde deeglik voorberei vir 'n skielike verval van die voormalige kultuurbepalers. Hoewel hoofstroom kerklike institute sedert die 1990's drastiese veranderinge bevorder, vind verskuiwing nog steeds meedoënloos plaas – weg van institusionele (formeel georganiseerde) godsdiens na 'n "doen-dit-self" en die "reg" van lidmate om self te kies, sonder die "tirannie" van gesag. Leiers word van "onder af" gedwing om te luister na 'n spiritualiteit wat kreet: "Die lidmaat is koning! Gee my wat ek wil hê, of ek kry my ry. [Nog beter]: Ek maak sommer my pasklaar eie *wat vir my werk*!"

## Sonder grense

Die koms van die "pil" in die 20ste eeu sou, soos geen ander kultuurgebeurtenis, ortodokse Christenskap 'n

mokerhou toedien en dit agteroor laat steier. Nie redenasies nie, maar lewenskeuses en persoonlike praktyke bewerk die verandering. In menseheugenis is dit die eerste keer vir alle klasse van die samelewing moontlik om sonder spanning met seks te eksperimenteer. Vir solank as wat seks tot babas aanleiding gee, het dit sin gemaak om aan die Bybelse siening oor die huwelik vas te hou. Die "pil" maak dit egter moontlik om die band tussen Christelike etiek en seksualiteit volledig deur te knip. Een ná die ander kantel die domino's toe: Veel vroeër seks. Ook seks buite die huwelik en los van die huwelik – dit alles raak normaal. Alternatiewe seks raak selfs mode; egskeidings neem toe; oop huwelike neem toe; gewildheid van die huwelik as instelling neem af; saambly neem toe; geslagtelikheid problematiseer; aborsie word die norm. Die sogenaamde "tydbom" van oorbevolking spook soos 'n nagmerrie. Hoe langer, hoe meer word ortodokse seksvoorligting nie net as oudmodies en agterlik beskou nie, maar selfs uitgekryt as perverse onreg teenoor individuele vryheid.

### Bevryding

Die seksrewolusie werk ook mee aan allerhande "bevrydings". Die vrou moet bevry word van die Bybel se patriargie (manlike heerskappy). Manne moet bevry word van die geneigdheid tot onderdrukking op gesag van die Bybel. Die wêreldwye samelewing moet bevry word van imperialistiese uitbuiting en oud-Christelike kulturele chauvinisme. Hoe langer, hoe meer begin jongmense voel dat Christenskap slegs een opsie van 'n menigte spiritualiteite is. Trouens, Christenskap word hoe langer, hoe meer geassosieer met die uitsluitlik negatiewe, dit waaroor jy skaam voel, naamlik: om ander te benadeel. Die hele Christelike geskiedenis verkeer tans onder verdenking. In Suid-Afrika brand juis die aktualiteit dat "Bybelse" geloof sonde teen die mensheid bevorder. Daarenteen blyk byvoorbeeld die Boeddhisme "skoon" te wees. Transendentale meditasie bied 'n aanvaarbare alternatief vir die "Onse Vader". Eksotiese ghoeroes bevredig nes teologies opgeleide predikante. Oosterse "teenwoordigheid" ("mindfulness") adem innerlike balans teenoor die kognitiewe oorlading van "preek-kerke".

### "Sekulêr"

Dit is opvallend. Oraloor ons planeet vind 'n mens die spoor van die ou Christendom. Ook die kragreuse van ons tyd getuig direk of indirek van die ou Christendom: NAVO-lande, Moskou, Kaïro, Islamabad, Teheran, New Delhi en Beijing/Peking staan almal ten nouste in verband met die ou Christendom. Soos die son egter op die Britse Ryk sak en die verhouding kerk en staat oor die wêreld heen al meer los van mekaar te staan kom, word graag gespreek van sekularisasie. Dit is so asof jy vandag net is wat jy is en net kan wees wat jy wil wees in jou keuse ten opsigte van die Christendom, waar geloof en gesag saam opgetree het. Los Angeles, New York, Londen en Parys, saam met 'n aantal ander kultuursentra gee die sekulêre pas vir ons tyd aan: relativisme, individualisme en pluralisme geur die geestesgety oor die wêreld heen, in reaksie op die Christendom se uitgangspunt van geloof op grond van gesag en gesag op grond van geloof.

### "Godsdienstig"

In die gang van die 20ste eeu was daar 'n behoorlike gegons oor die sekularisasie-monster. Trouens, daar is selfs beweer dat die kerk se enigste oorlewing sal wees om self te sekulariseer. Tog gebeur dit dat kerke wat sekulariseer lidmate verloor. Blykbaar verloor sulke kerke ook aantrekkingskrag. Toegegee. Daar is gevalle wat aanvanklik en op bepaalde plekke die teendeel bewys, totdat die modegier verbywaai, dan neem lidmaatgetalle onkeerbaar af tot op die vlak van net nog 'n onderstroom. Akkommodering van sekularisasie blyk duidelik 'n oorskatting te wees. Rasionele godsdiens, sonder gerigtheid op die bonatuurlike en die mistieke, bevredig nie. Hier vroeg in die 21ste eeu word mense oor die wêreld heen net meer godsdienstig en beslis nie minder nie. Die weg terug na ortodokse Christenskap lê egter besaai met uitdagings, waaronder die wêreldvreemdheid daarvan, die skindernuus daaroor en selfs slegte ervarings met ortodokse Christelike gemeenskappe. In die wêreld van die kunste is daar ook maar min wat werklik die verbeelding aangryp om aan egte Christenskap smaak en varsheid te verleen.

### Is ons dan sonder hoop?

Die doel van hierdie artikel[2] was om ons te help verstaan watter soort aanleidings ons tot op hierdie punt van ons eie volksgeskiedenis gebring het. Wie egter opmerksaam op die geskiedenis terugkyk, vind wel rede vir geregverdigde introspeksie, maar nie soos mense sonder hoop nie. Ware Christenskap het al groot omwentelinge in die gesig gestaar, waaronder die val van die Romeinse Ryk. Toe Islam die Midde-Ooste verower en selfs Konstantinopel inneem, was die gemoedere verpletter. Lamlendigheid

1 2015. *Early Radio Broadcasting in South Africa*. Culture, Modernity & Technology. Universitaeit van Kaapstad. PhD Proefskrif. https://bit.ly/3kTJZfA

2 Veel is geput uit Douthat, R. 2012. *Bad Religion*. How we became a nation of heretics. New york: Simon & Schuster.

Vervolg op bl. 16



# Gnostiekeland: Die oudste dwaling het weer muteer (2)

**Prof. Alwyn Swanepoel**

**Ons het in die vorige aflewering gefokus op die oudste dwaling in die kerk, naamlik die gnostisisme. Dit het in die moderne tyd net nuwe mutasies ondergaan. In hierdie aflewering fokus ons op die redes waarom hierdie oerdwaling steeds so aantreklik is en wat ons daaraan kan doen.**

Aan die einde van sy genoemde werk, *Science, Politics and Gnosticism*, beweeg dr. Eric Voegelin na die sielkundebank en vra wat dit is wat die tipe wêreldbouprogram van die gnostiese dwaling aandryf. Hy is oortuig dat dit uiteindelik niks anders as magshonger is nie. Hy stel dat dit voortspruit uit ’n drang om ’n wêreld te regeer wat getriomfeer het oor nederigheid – die nederigheid daarvan om jou te skik na die wêreld soos wat God dit geskape het. Dit behoort mos eintlik ’n voorreg te wees – om die werklikheid met sy unieke kenmerke in ontvangs te neem en jou daaraan te oriënteer. In die gnostiese visie op die werklikheid gebeur dit egter nie meer nie. Dit is daarom ook eintlik geen verrassing nie dat die gnostici graag aansluiting vind by die postmoderne klem op die sogenaamde konstruktivisme. Dit beteken dat jy eintlik jou eie werklikheid skep of konstrueer. Tot op tersiêre vlak is hedendaagse universiteite vol hiervan. Waar universiteite oorspronklik bedoel was om kennis tussen die verlede en die hede te bemiddel, gebeur dit vandag in te veel instellings dat dit eerder die mantra word om die verlede te verag of te dekoloniseer. Die praktyk wys egter dat hierdie instellings bloot gekoloniseer word met gnostiese konsepte en simbole in die kern daarvan.

## Gnostisisme versus genade

Voegelin wys egter daarop dat die werklikheid nie so maklik na eie sin gelooi of geplooi kan word nie. Hy beskou dit as blote fantasie-satisfaksie, maar hy vra wel wat mense daartoe bring om dit te probeer doen. Voegelin reken dit is omdat genade en geloof nie in ons besit is nie, nie direk tasbaar is nie en dat mense sonder genade van Bo, nie kans sien vir dit wat hy die “heroïese avontuur van die geloof” noem nie. Wanneer mense nie daarvoor kans sien nie, word hulle maklik vatbaar vir een of ander iets in die werklikheid wat dan as boos geïdentifiseer moet word.

Dit herinner aan die gebrek aan insig om te onderskei tussen dit wat die reformatoriese filosoof, Al Wolters, struktuur en rigting noem. Wolters bedoel dat die probleem nie in strukture as sodanig geleë is nie, maar eerder in die verkeerde rigting wat ingeslaan is.

> **Die konkrete en materiële sake is alles deel van die werklikheid wat God gegee het, maar in die gnostiese redenering word iets wat God gegee het, as sleg geïdentifiseer.**

Die rede is dat die Bose nie meer in die skeeftrekkings (verkeerde rigtings) gesoek word nie, maar in bepaalde Godgegewe werklikhede en strukture self. Dit sluit werklikhede soos ras of klas of geslag in. Só beskou, is sonde nie meer die probleem nie, maar die konkrete grondstrukture van die werklikheid wat nou self die probleem is waarmee weggedoen moet word. Dit moet volgens gnostiese geeste ook so gou as moontlik gedoen word, (vandag dikwels in die naam van sosiale geregtigheid), want dit is hoe “verlossing” plaasvind. So kan die nuwe wêreld gestalte kry. So word dit duidelik dat ons volgens hierdie siening nou in die post-Christelike wêreld is. Die hartseer is dat dit eintlik so voorspelbaar, vervelig en sonder werklike verlossing is. Tog wys Voegelin daarop dat dit ’n algemeen menslike dwaling is – om die lewe van geloof in God se oplossings te vervang met ’n eiesinnige, tasbare vervulling in hierdie wêreld.

Daar is darem ook hoop. Voegelin en Burfeind maak duidelik dat dit nie is asof ons met iets nuuts gekonfronteer word nie. Hulle wys daarop dat die lang geskiedenis van afbreek van die Christelik-, Westerse beskawing eintlik oorbekend is. Dit gaan in wese maar net oor die nuutste variasie van gnostisisme. Dit gee voor om die nuwe Weste te wees, maar eintlik is dit niks meer nie as ’n Westerse sektarisme. Daarom is dit belangrik dat ons duidelikheid sal behou oor wat die Westerse beskawing nou eintlik beteken.

Die literêre denker, Joseph Pearce, onderskei tussen die ou Weste en dit wat neerkom op die sogenaamde nuwe Weste. Laasgenoemde kom neer op post-Verligting en gnostisisme. Die ou Weste kom neer op Athene (filosofie) wat vir Jerusalem (teologie) ontmoet het. Dit word ook Christendom genoem. Pearce wys daarop dat hierdie twee visies op die Weste steeds in ’n titaniese stryd gewikkel is. Dit is nie asof nuut bloot vir oud vervang het nie. Hoewel hy dit nie so uitbeeld nie, is dit eerder twyfelagtige water wat algemeen ontwyfelbare wyn probeer vervang. Die stryd duur voort en diegene wat oortuig geraak het van die uitgediende aard van die “wynweergawe”, moet weer besin. Dit was nog altyd tipies van dwaalligte om voor te gee dat die permanente dinge nou uitgedien is. Dit is die tipiese taal van die gnostikus. Maar keer op keer het realiteit teruggeskop en voortgalop. Waaraan behoort ons dan aandag te gee om die galop aan te help?

## Hoe om die betowering te deurbreek

Die betowering hiervan moet eerstens in elkeen van ons afsonderlik deurbreek word. Dit gebeur deurdat ons in die krag van God gehoor gee aan die oproep om onsself aan God toe te wy en nie aan hierdie wêreld gelykvormig te word nie (vgl. Rom. 12:1-2). Wanneer ons hieraan gehoor gee, ontwikkel ons ook die vermoë, deur die genade van Bo, om die demoniese van ons tyd uit te ken en te besweer. Dit bevestig ook dat die kerk se verkondiging nie maar tevrede kan wees met goedvoel geestelike gedagtes nie. Dan kan ons té maklik ’n teelaarde vir die duiwel se dinge wees en daar is ’n baie beter alternatief.

Die verkondiging moet diepgaande, aan die hand van die kontoere van die Woord, ook ons motiewe, simbole en denkpatrone aanspreek. Die feit is dat ook kerkmense bedoeld en onbedoeld hulself in die vaarwaters van die gnostisisme kan begeef. Ons kan onsself bekendmaak in ons spraak, ook wanneer ons onsself verwens en besweer dat ons nie dissipels van die tydsgees is nie. Daar is dikwels ’n mondvol wêreldbeskouing in die woorde en konsepte wat ons gebruik. Wat goeie prediking doen, is om die dogma van die kerk, implisiet of eksplisiet in ’n bepaalde teks, in kontak te bring met die dogma van die tyd. Dit kan meer as kontaksport veroorsaak. Dit kan dood en opstanding bewerkstellig waar dit God behaag. Dit is wat die dwaasheid van die prediking kan doen wanneer daar diep in die Woord geduik word, met inagneming van die konteks in die hele Bybel en die konteks van die hele kerk.

> **Daarom kan die dogma, die drama en die diepte nie uitbly wanneer Woord en sakrament saam met deurdagte liturgie bedien word nie.**

So kan die moderne gnostiek – die gnostiek van ons tyd wat voorgee om totaal iets nuut in die geskiedenis te wees – ook bedien word met die evangelie wat altyd oud én altyd nuut is. Om die waarheid te sê, dit word vandag duideliker dat die teologiese opleiding aan te veel universitêre instellings van die verlede vir dekades lank uitgelewer was aan gnostiese professore. Die skeuring tussen die Ou en Nuwe Testament in die naam van wetenskaplikheid en die weiering om die Ou Testament in Christus te lees, het gelei tot allerhande uitwasse. Sonder Christus het die verskille, geskille geraak en toe moes daar nuwe oplossings gevind word vir die skeiding tussen Ou en Nuwe Testament. Die letterlike verstaan is opgestel teenoor die geestelike verstaan van die Woord en die wetenskaplike omgang met die kontemplatiewe (bepeinsende) oordenking daarvan. Sonder Christus is die oplossing toe gesoek in die sogenaamde moderne herinterpretasie van die Woord.

Hierdie herinterpretasie het egter geskied aan die hand van die tydsgees, wat eintlik net op ’n nuwe mutasie van die gnostisisme neergekom het. In hierdie geval het dit op herinterpretasie aan die hand van die liberale orde neergekom. Die antwoord op hierdie dwaling is tegelyk eenvoudig en kragtig: Klassieke uitleg van die Woord in Christus – in wie ons weer die samehang van die Woord en van die kerk met die kerk van die eeue vind. Dit behoort heerlike dinge in die bediening en die verkondiging tot gevolg te hê wanneer ’n geslag predikante weer opgelei word om mense só met die rykdom van die Woord te bedien. Die gifbronne by te veel opleidingsentra het dit nie gedoen nie, maar dit kan weer omgekeer word. Dink net – massas mense wat deur egte bediening begelei word om dissipels te wees wat in al hul denk- en doenpatrone na die beeld van Christus verander word.

Vervolg op bl. 16



# Die tweesnydende swaard van verwerping en akkommodering

**Ds. Attie Boshoff**

**Verwerping** is ’n baie belangrike begrip in die hedendaagse wêreld. Die hedendaagse samelewing bevraagteken en verwerp letterlik al die basiese uitgangspunte van wat “waar en reg” was in die Westerse samelewing sedert die 16de eeu. Postmodernisme kan gesien word as ’n lewensraamwerk wat die bestaande orde, met alles wat daartoe gelei het, verwerp. Die modernisme kon nie met die rede en die wetenskap, antwoorde op die mens se probleme bring nie. Die postmoderniste soek na nuwe antwoorde – solank die antwoorde net nie klink soos iets wat in die verlede gegeld het nie.

**Akkommodering** is die ander snykant van die swaard. Alles is subjektief. Alles word deur die filter gegooi van wat jóú pas. Dinge wat vroeër ondenkbaar was, word nou die norm. Alles wat in stryd met die bestaande of vorige waardes is, word geakkommodeer. Mense eksperimenteer met die lewe. As dit vir jou werk, dan werk dit. Alles wat “anti-establishment” is, word aanvaar.

## ’n Onkeerbare omkeer-rewolusie

Daar heers ’n rewolusie wat alle ordes omkeer. Blanke mans is tans die laagste op die sosiale orde, want hulle het vantevore die “hoogste” posisies beklee. Die puntetoekenning binne die regering se beleid van swart ekonomiese bemagtiging, gee ’n goeie aanduiding hoe die orde verander het. Onregverdige kwotas word ingestel om die “onreg van die verlede” reg te stel.

Die huwelik word uitgegooi en verwerp en alles wat anders as die huwelik is, word geakkommodeer. Selfdegeslagverhoudings, saambly in baie vorms, selfs “gender disforia” is in – solank dit net nie uitloop op ’n huwelik as lewenslange verbintenis tussen een man en een vrou nie.

Etniese identiteit tel nie meer nie. Die vrouewenner van die Amerikaanse Ope, Emma Raducano, is die nuwe, jong vrouetennissensasie. *Huisgenoot* van 23 September 2021 skryf die volgende oor haar: “Sy is ’n vars bries, sy’s beeldskoon en altyd gelukkig, en dis iets waarna ons almal soek ná die pandemie.” Simon Chadwick, ’n sakestrateeg en bemarkingskenner, beskryf Emma as **‘klassieke generasie Z’** (my beklemtoning). “Sy is van gemengde afkoms, slim met sosiale media en ambisieus, wat sy kombineer met wat lyk soos ’n positiewe lewensingesteldheid.” Sy is tans ’n Brit, gebore in Kanada, met ’n Roemeense vader en ’n Chinese moeder. Dit is hoe die nuwe rolmodel ten opsigte van identiteit lyk.

## Hoe pas verwerping en akkommodering in by die omkeer-rewolusie?

Die antwoord is dat een stel waardes uitgegooi moet word (verwerping) en ’n ander stel waardes geskep en aanvaar moet word (akkommodering). Daar is enorme kragte aan die werk aan die verwerpingskant – daar is ook enorme kragte aan die werk aan die akkommoderingskant. En wee jou as jy jou in die maalkolk tussen die twee bevind ...

Die vraag oor waardes bring uit die aard van die saak die vraag oor geloof na vore. Waardes word geput uit geloof – die vraag is net: Wat glo jy?[1]

Die kerk is nou verweef met alles wat in die wêreld gebeur. Die kerk moet ook op ’n manier reageer op dit wat aan die gebeur is. Skielik word die kerk gekonfronteer met selfdegeslagverhoudings, met ’n “alternatiewe” uitkyk op godsdiens en ander godsdienste, dogma en belydenisse. In Suid-Afrika het die kerk se siening, wat ’n paar dekades gelede die siening van die samelewing was, baie skielik uit pas geraak met die wêreld se siening.

Kerke se reaksies hierop is uiteenlopend:

Sommige kerke wil munt slaan uit die verandering – sogenaamde vernuwingskerke spring soos paddastoele

op. Hulle breek met die bekende maniere van aanbidding en die konfessionele karakter van die kerk. Ons sien hierdie tendens baie sterk in die oplewing van Charismatiese kerke – nie in Charismatiese kerkverbande soos die Apostoliese Geloofsending (AGS), Volle Evangelie Kerk of Pinkster Protestante Kerk nie, maar in die opkoms van independentistiese (onafhanklike) megakerke, gesentreer rondom 'n charismatiese leier. Hierdie kerke akkommodeer (omhels) ervaring.

Ander kerke wil weer die nuwe omarm, maar terselfdertyd die oue behou (nie dieselfde as kerke wat die oue nuut wil verpak nie). Sodanige kerke gaan spoedig agterkom dat hulle arms nie sterk genoeg is om oud en nuut vas te hou nie. Uiteindelik sal daar keuses gemaak word, omdat teenstrydighede beroering kweek. Terwyl hierdie kerke beide wil omarm, skep hulle nie sekerheid by kerklidmate oor wat die kerk se eintlike geloofsoortuiging is nie. Hierdie pragmatiese uitkyk gaan op die lange duur nie volhoubaar wees nie. Sodanige benadering steek tans kop uit in die voormalige drie gereformeerde susterskerke. Dit is kerke wat uit 'n baie sterk belydenisgrondslag kom, maar wat ter wille van relevansie en behoud glo hulle moet die nuwe gedagtestroom akkommodeer – al ondergrawe die nuwe siening die tradisionele (Bybelse) belydenisgrondslag. So sien ons tans hoe kerkskeurings dreig langs botsende sienings oor die huwelik en geslagtelikheid.

Die NG Kerk se Agenda vir die twaalfde sitting van die Algemene Sinode in 2004 het dit al duidelik gemaak dat Skrifgebruik en Skrifgesag anders gesien moet word as vroeër (in hierdie teologie van akkommodering):

> **"Die Gereformeerde Skrifbeskouing is tans in meer as een opsig in 'n krisis en 'n oorgangstadium. Daar is 'n aantal belangrike sake waaroor ons siening verander het, daar is ander waaroor ons siening waarskynlik besig is om te verander." Hulle onderskei tussen kerklidmate se sienings en die sienings "in die meer amptelike kringe van ons kerk". Die Agenda sê: "Ons siening oor die vrou in die amp, egskeiding, apartheid, die verhouding kerk-staat, dobbelary, dans, Sondag, die kwessie van etiese Skrifberoep, om maar net die belangrikste te noem, het radikaal verander … Ons het intussen in die meer amptelike kringe van ons kerk oorgeslaan na 'n versigtiger, tentatiewer Skrifgebruik wat die konteks van Skrifuitsprake en die verskil tussen die tyd van die Bybel en ons eie tyd sterker in ag neem. Dit beteken onder andere dat dit wat na 'n direkte en duidelike uitspraak in die Bybel lyk, nie meer altyd vir ons beslissend is nie. Ons sal byvoorbeeld aanvaar dat die sterk verbod op die vrou se deelname in die gemeente, kultureel bepaald is en daarom nie vir ons deurslaggewend is nie."**

Hier sien 'n mens hoe verwerping en akkommodering op subtiele manier hanteer word en in die kerk en samelewing ingedra word.

Dan is daar groeperings wat iets nuuts tot stand wil bring onder die dekmantel dat dit die ware tradisie is wat behou moet word. Hier moet 'n mens veral versigtig wees vir die Wit Teologie, wat met 'n bepaalde invalshoek op die geskiedenis en tradisie wil aantoon dat dit die "suiwer" volks- en geloofstradisie verteenwoordig. Dit klink baie aanloklik, maar moet deeglik aan die Skrif getoets word. 'n Mens vind 'n baie behendige en eensydige verwringing van geskiedenis, kerkgeskiedenis, antieke tale en teologie. Daar is ook 'n aktiewe verdagmakery (verwerping) van die kerk as instelling van God om 'n boodskap uit te dra wat nuut en na die egte waarheid klink. Tog is dieselfde skema van verwerping van die aanvaarde en akkommodering van iets vreemd, hier aan die werk.

### Die dryfveer agter die omkeer-rewolusie?

Wat is die dryfveer agter hierdie veranderings? Is dit suiwer aanpassing by die Woord van God om God se wil helderder en duideliker te soek, of is dit 'n teologie van akkommodering wat aanpas by die huidige tydsgees, sienings en veranderings om mense te pas?

Konserwatisme op sigself, hou net so 'n groot gevaar as liberalisme in. Konserwatisme kan net so los van die Skrif as liberalisme wees. 'n Mens kan postmoderne liberaliste en postmoderne konserwatiewes kry.

Die vraag oor verwerping en akkomodering word ook na die kant van die AP Kerk gegooi. As die rede waarom ons nie vernuwing wil aanvaar nie, bloot is dat ons nie daarvan hou nie, dan is dit 'n verkeerde antwoord. Geloof bepaal waardes. Wanneer ons gelowig na die wil van God in die Bybel soek om ons eie lewe, ons gesinslewe, ons gemeentelike lewe, ons kerklike aktiwiteite, ons volkswees, ons nasieskap en ons wêreldbeskouing daarvolgens in te rig, dan is die dryfveer nie 'n

1 Lees gerus in die verband ds. Ruan Combrink se artikel op bl. 8.

selfgesentreerde konserwatisme nie, maar reformerende gehoorsaamheid aan God. Dit is juis nou belangrik om konsekwent Bybels-reformerend te wees.

Die AP Akademie se leuse is veelseggend: *Ou spore, nuwe weë*. Bybelse gehoorsaamheid vra van ons om nie die vaste fondament te verwerp nie, maar daarop te bou. Die Here beloof om self sy kerk in stand te hou. Hy bou sy kerk op 'n suiwer belydenis. As ons suiwer glo, sal en moet ons ook suiwer leef. Die Skrif dui die suiwer belydenis aan. Laat die Woord opnuut die pad verlig waarop ons met vaste geloofstred moet voortgaan.

---

Vervolg vanaf bl. 11

## Sekulêre Godsdienstigheid vandag

het toegeslaan toe die Renaissance veel kragtiger blyk te wees as die Reformasie. Tans staan ons al weer anderkant die tydperk van vele rewolusies, daarby nog die sogenaamde "Verligting". Daar word selfs al gepraat van 'n "post-liberale" tyd.

### Is ons dan sonder raad?

Dink daaraan: Kragtige figure het al teen ortodokse Christenskap opgetree. Byvoorbeeld: Karl Marx het sy verdoemende kritiek gelewer; Charles Darwin het Christenskap soos min ondermyn; Friedrich Nietzsche het God basies "dood" verklaar; Sigmund Freud het geloof sielkundig wegverklaar. Tog het tye van hernuwing nog telkens op tye van krisis en verval gevolg. GK Chesterton[3] het 'n kostelike sêding: "Geloof het volgens alle skyn tussen die honde beland. Nog elke keer het die hond gevrek." Tydperke kom en gaan, dit is waar. Bepaalde maniere en formate van Christenskap verval en ontbind. Nugterheid oor toestande keer ons nie om steeds Gesang 266 aan te hef nie:

> *Hou Christus self sy kerk in stand – vergeefs die hel se woede ... O Christen wat op Hom vertrou, u moet geen onheil vrees nie.*

3 1993. *The Everlasting Man*. Ignatius Press: San Francisco.

---

Vervolg vanaf bl. 13

## Gnostiekeland: Die oudste dwaling het weer muteer (2)

Hiermee saam moet ons aandag daaraan gee om met nuwe waardering te kyk na al die genoemde instellings wat die gnostisisme wil afbreek. Ons moet elke inisiatief ondersteun waar iemand op 'n eie wyse vanuit die tradisie wil voortbou aan instellings wat die tydsgees teenwerk. En ons behoort met nuwe ywer die goeie en die skone uit die verlede, soos oom Paul Kruger daarna verwys het, te waardeer, te behou en daarop voort te bou. Elke instelling wat betrokke is by die herwaardering van familie, gemeenskap, kultuur en tydlose tradisies in kerk en volk wat in Christus begrond is, behoort toegejuig te word.

> **Dit gebeur natuurlik net eg wanneer die Woord van God en die liggaam van Christus sentraal staan. Vanuit hierdie inspirasie behoort daar dan gebou te word aan allerhande instellings wat gegrond is op God, geloof, gebod en gebed.**

Ja, ons het baie sulke instellings nodig wat kan meewerk om die demone uit 'n vergiftigde Weste te dryf. Wanneer 'n samelewing nog gewillig is om hierdie beproefde benaderings as terapie te ontvang, is daar hoop. So kan water weer wyn word in die lewe van die opkomende geslagte.

**VERRUIM JOU BREIN**

**SINODE VAN EMDEN 500 JAAR: Vanaf 4-13 Oktober 1571 vergader ongeveer dertig verteenwoordigers uit die kerke van Nederlandse vlugtelinge in die Duitse stad, Emden, aangesien hulle in Nederland erg moes ly onder hul Spaanse oorheersers. Hierdie Sinode van Emden se doel was om kerklike bande te versterk en om 'n gemeenskaplike kerkorde op te stel. Onder meer is daar gestel dat die owerheid slegs inisiatiewe mag onderneem wanneer individue en privaat instellings 'n probleem nie selfstandig kan oplos nie.**

# BYBELWOORDBLOK: OM ENKELLOPEND TE WEES

OPGESTEL DEUR
DALEEN PIENAAR 2021

*Kyk gerus weer na die September-uitgawe waarin hiedie tema behandel is.*


### HOE WERK DIT?

1. Gewone woordblok met leidrade en Skrifverwysings
2. Anagramme

By ses leidrade word geen Skrifverwysings gegee nie, maar slegs **ANAGRAMME**. Dit word in die leidradetabel aangetoon.

**HERRANGSKIK DAN HIERDIE LETTERS OM DIE REGTE WOORD TE VORM.**





### LEIDRADE: 1 KORINTHIËRS 7

**Dwars**

1. In die huwelik bevestig (1:7:27)
3. **ANAGRAM: GEDOB**
6. Iets om te begeer (1:7:7)
7. Uitgangspunt (1:7:25)
8. **ANAGRAM: SIEK**
11. Onderhouding daarvan is belangrik (1:7:19)
13. Dade van onsedelikheid (1:7:2)
16. Van korte duur (1:7:31)
18. **ANAGRAM: STAAN**
19. Kosbare prys is betaal (1:7:23)
20. Aangename indruk maak (1:7:33)
21. Onverdeelde toewyding (1:7:32)
23. Fisiese struktuur (1:7:4)
25. Rede vir onthouding van omgang (1:7:5)
28. Na my mening (1:7:40)
31. Gelowige man (1:7:15)
32. **ANAGRAM: BAALEP**
33. **ANAGRAM: WANVEE**
35. Afgesonder vir God (1:7:14)
36. Die verhouding herstel (1:7:11)
37. Agtergeblewenes (1:7:8)

**Af**

1. Voedselonthouding (1:7:5)
2. Aangeleenthede van die wêreld (1:7:34)
4. Om iets te bedwing (1:7:9)
5. Verleiding (1:7:5)
6. Vrou hierdeur gebonde (1:7:39)
8. Dienskneg (1:7:21)
9. Sedelik onaanvaarbaar (1:7:14)
10. Tegemoetkoming (1:7:6)
11. Hul mag nie skei nie (1:7:10)
12. Om te betoon, na te kom (1:7:3)
14. Bly in jou roeping (1:7:17)
15. Om verkeerd te doen (1:7:28)
17. Nie aan bande gelê (1:7:35)
22. Hy is aanneemlik by God (1:7:14)
24. Gesag, invloed (1:7:4)
25. Onvolkomenheid (1:7:5)
26. Verdere omgang verbreek (1:7:11)
27. Bly in jou omstandighede (1:7:20)
29. Slaaf van Christus (1:7:22)
30. Ongetroudes (1:7:25)
33. Huweliksplig teenoor haar (1:7:3)
34. **ANAGRAM: WELK**



# Oor die skone, die ware en die goeie

**Prof. Danie Goosen**

**Vertolkers van die kulturele krisis wat die Westerse wêreld vandag ervaar, beklemtoon tereg dat dit deur verskillende dimensies gekenmerk word. Ter inleiding noem ons slegs enkele sodanige dimensies.**

Eerstens word die morele verval van ons tydperk dikwels as 'n belangrike uitdrukking van die krisis beskou. Dié verval blyk onder meer uit die wyse waarop brute geweld, 'n "instrumentele opvatting"[1] van andere ter wille van mag en wins, asook 'n verbintenis tot onbeperkte vorme van materialisme, as bykans vanselfsprekend ervaar word.

In die tweede plek, en in aansluiting hierby, word die agteruitgang van 'n oeroue instelling soos die tradisionele gesin ook as 'n belangrike kenmerk van die krisis beskou. In hierdie verband wys vertolkers onder meer na die dramatiese gevolge wat die gesinskrisis op veral jong gesinslede se ervaring van sin en betekenis het, maar ook op die ontwrigtende implikasies daarvan vir sosiale en ekonomiese stabiliteit. Hoë misdaadvlakke word tereg met die verlies aan gesonde gesinstrukture in verband gebring.

Derdens word ook verwys na die verstikkende greep wat linkse ideologieë op hedendaagse universiteite, die vermaaklikheidswêreld en groot besigheid het. In plaas daarvan dat dit deur 'n respek vir die tradisies en instellings waaruit dit ontwikkel het, gekenmerk word, word dit inderwaarheid deur 'n diepe minagting daarvoor aangevuur. In die naam van polities korrekte "diversiteit" poog dit om 'n strakke eenvormigheid op alles af te dwing.

Die aard van die krisis blyk vierdens ook uit die hedendaagse opvatting dat die mens 'n onverbonde individu is wat onder meer deur 'n absolute keusevryheid gekenmerk word. 'n Gevolg is dat ons vandag ervaar hoe die individu sy rug op oeroue, historiese verbande soos die eie gesin, kultuur, taal en godsdiens draai. Vanuit 'n staanplek buite en onverskillig jeens sodanige verbintenisse, jaag die onverbonde individu slegs sy eie private belange na.

Ten nouste hieraan verbonde is dié tendense in die intellektuele wêreld wat aanvoer dat die mensdom tans 'n "post humane" tydperk betree. Laasgenoemde is 'n tydperk waarin menswees ten gunste van iets soos 'n "mensmasjien" verruil word. Die Bybelse opvatting dat die mens na die beeld van God geskape is, word daarmee aan die vergetelheid oorgegee.

In die vyfde plek blyk die krisis uit die feit dat die moderne en hedendaagse globale ekonomiese orde op die oneindige vermenigvuldiging van begeertes rus; dat so 'n lewenshouding ironies genoeg deur onvergenoegdheid gekenmerk word. Dit is 'n onvolhoubare lewenshouding, omdat dit noodwendig tot die verwoesting van die natuur aanleiding gee.

'n Sesde kenmerk van die krisis is geleë in die kriminalisering van die tradisie ("die verlede is boos"). Dit gaan gepaard met die problematiek van skuld, selfveragting, vrees vir die eie (oikofobie) en 'n verlammende verlies aan selfvertroue by Westerse elite; die prysgawe van politieke, nasionale en geografiese grense; utopiese verwagtinge wat aan die uitbreiding van die liberale demokrasie en individuele regte dwarsoor die globale wêreld geheg word.

'n Voorlaaste kenmerk van die krisis is filosofies van aard. Vanuit 'n bestaansgesigspunt beskou, blyk die krisis veral uit die feit dat die werklikheid vandag ervaar

word as 'n donker afgrond, as iets wat sinloos, irrasioneel, afskuwelik en doelloos is. Gevolglik word die werklikheid ook ervaar as iets waarvan ons onverskillig kan wegstap, of wat ons na willekeur aan ons eie magsbelange kan onderwerp, kan uitbuit, verhandel of bloot kan weggooi.

'n Laaste kenmerk blyk uit die "dood van God" in die Weste, soos dit duidelik word uit die ontkerstening van die Europese mens, Christelike kerke wat leegloop, die teologie wat sy rasionele oortuigingskrag verloor en die sogenaamde post-Christelike era wat aangebreek het.

**Dit verg geen groot insig om te besef dat hierdie en verskeie ander gesigspunte op die krisis van die Weste, nie van mekaar geïsoleer kan word nie. Inteendeel, om die volle omvang van die krisis te verstaan, moet die verskillende gesigspunte in hul onderlinge samehang raakgesien word.**

Omdat so 'n opgawe egter ver buite die grense van hierdie artikel strek, wil ons hieronder by slegs een aspek van die krisis stilstaan, naamlik die ontologiese (bestaans-) vraag na die aard en wese van die werklikheid. Tegelyk sal kortliks vanuit die tradisie van ontologiese en metafisiese (bonatuurlike) denke op 'n antwoord gewys word. Ons gaan van die standpunt uit dat ons nie anders op die krisis sal kan antwoord as deur middel van 'n indringende "hermeneutiese gesprek" met die tradisie waarin ons dit vir ons tyd vertolk nie. 'n Toekoms anderkant die krisis is moontlik in en deur so 'n gesprek met die verlede.

## Twee botsende opvattinge van die werklikheid

In die gemoed van die hedendaagse mens woed daar vandag 'n stryd oor die werklikheid. Ten minste twee radikaal uiteenlopende beskouings oor die werklikheid stry om sy aandag.

Volgens die eerste beskouing is die werklikheid ongeordend, toevallig en doelloos. Ten diepste word die werklikheid nie deur enige vorm van rasionaliteit, ordelikheid en doelmatigheid gekenmerk nie. Indien daar spore van die rasionele, die ordelike en die doelmatige daarin aanwesig is, is dit nie omdat ons dit daarin aantref nie, maar omdat ons dit van buite af (kunsmatig) daaraan oplê. Einde ten laaste is die werklikheid ongeordend, doelloos en eties onverskillig. Trouens, die werklikheid moet as 'n blinde, toevallige en doellose spel van materiële kragte verstaan word.

'n Invloedryke voorbeeld blyk uit die werk van Gilles Deleuze en Felix Guattari, Franse denkers van enkele dekades gelede. Volgens Deleuze en Guattari, wat ná hul dood in onderskeidelik 1995 en 1992 buitengewoon gewild aan Westerse universiteite geword het, kan die werklikheid self as 'n doellose vryval van energieë verstaan word. In hul taal geformuleer, kan die werklikheid met wildgroeiende wortels (risome) vergelyk word. Soos wat risome onvoorspelbaar in enige rigting groei, so is die werklikheid rigting- en doelloos. Enige poging om die "risomatiese" aard van die werklikheid aan die gesag van 'n hoogste doel te herinner, verwring op 'n fascistiese wyse die doellose aard van die werklikheid.

Volgens die tweede beskouing word die werklikheid daarenteen deur vorme van rasionaliteit, ordelikheid en doelmatigheid gekenmerk. In aansluiting by die tradisie van ontologiese en metafisiese denke, word aangevoer dat die werklikheid self (ondanks die diepgaande invloed van die sondeval) deur waarheid, goedheid en skoonheid gekenmerk word. In die tradisie is na dié sentrale eienskappe van die werklikheid as die drie "transendentalia" (dit wat die werklikheid oortref) van die werklikheid verwys.

In aansluiting hierby word aangevoer dat die werklikheid nie 'n donker afgrond is wat ons nie kan ken nie, maar dat dit inderwaarheid vir die denke toeganklik is (alhoewel vir ons as sterflike wesens nooit volledig nie). Die werklikheid is tegelyk nie 'n donker en onpeilbare boosheid nie, maar goed (ondanks die breuke en krake wat dit ook kenmerk). Laastens is die werklikheid nie afskuwelik, skrikwekkend of weersinwekkend nie, maar vanweë sy skoonheid 'n bron van oneindige verwondering. Ons staan puntsgewys by enkele aspekte daarvan stil.

## Die tradisionele ontologie

Eerstens sou 'n mens kon vra waarin die drie transendentalia van die werklikheid gegrond is? Waaruit spruit die feit dat die werklikheid (in die mate waarin dit "is") deur waarheid, goedheid en skoonheid gekenmerk word?

Ten diepste is die waarheid, goedheid en skoonheid van dit wat "is", in die God van die Bybel geanker. Omdat God self die volmaakte waarheid, goedheid en skoonheid is, word sy skepping (nogmaals, ondanks die breuke, krake en gebrekkigheid daarvan) ook deur waarheid, goedheid en skoonheid gekenmerk.

1 Waar die mens bloot as objek/instrument beskou word.

Om maar een van talle omskrywinge rakende die skoonheid van God uit die Bybel aan te haal:

> *Een ding het ek van die HERE begeer, dit sal ek soek: dat ek al die dae van my lewe mag woon in die huis van die HERE, om die lieflikheid van die HERE te aanskou en te ondersoek in sy tempel* (Ps. 27:4).

Verwysings na die waarheid en goedheid van God is oorvloedig in die Bybel. Kortom, God word nie net deur waarheid, goedheid en skoonheid gekenmerk nie: God ís waarheid, goedheid en skoonheid.

Ons kan vandag kwalik 'n sinvolle antwoord op die krisis van die Weste gee sonder om die ou opvatting oor die skepping en die gronde van die skepping in God self te herontdek.

Tweedens is 'n sentrale kenmerk van die skepping dat dit telkens deur die tradisie van ontologiese, metafisiese en teologiese denke as 'n "geskenk" ervaar word. Die skepping is nie in die eerste plek die gevolg van ons eie vaardigheid, inspanning en vermoë om te konstrueer nie. Die skepping is eerder iets wat ons buite-om ons eie vermoë as 'n pure geskenk ontvang het.

Onlosmaaklik deel van die krisis wat die Weste beetgepak het, is die beskouing dat dit wat is, 'n blote gevolg van ons eie vermoë is. Alles word tot 'n blote menslike konstruksie vereenvoudig. Geen wonder dat dankbaarheid op die agtergrond staan en die hedendaagse mens ook deur 'n gebrek aan respek vir dit wat is, gekenmerk word nie. As dit wat is, slegs die gevolg van my eie vaardigheid is, kan dit ook met 'n onverskillige houding weggegooi word. Waarom? Omdat hierdie dinge deur geen hoër gesag as my eie "skeppingswil" gekenmerk word nie.

In hierdie sin is die beskouing van Friedrich Nietzsche, een van die belangrikste bronne in die hedendaagse "afgrondelike" werklikheidsopvatting, wesenlik gebrekkig. Volgens Nietzsche lei die Christelike geloof tot 'n degradering van en selfs wrokkigheid jeens die verganklike werklikheid. God is alles, die verganklike werklikheid niks, aldus die Nietzschiaanse opvatting van die Christendom.

Inderwaarheid is die teendeel korrek. As dit wat is, die gevolg van 'n geskenk uit die hand van God, die transendente waarheid is, ontlok dit juis verwondering, respek en agting daarvoor uit (nie wrokkigheid en onverskilligheid nie). Sonder die transendente (bonatuurlike) anker, word die immanente (natuurlike) waardeloos.

Uit bogenoemde kan nie afgelei word dat die tradisie die skeppingsvermoë van die mens ontken of geringskat nie. Ingevolge die uitgangspunte van die tradisie word die mens opgeroep om uit dankbaarheid die werklikheid aktief te kultiveer (uit te bou, te ontwikkel en te versorg). Sy skeppingsvermoë is egter geen outonome vermoë nie. Dit is eerder 'n vermoë wat hy ontleen aan die feit dat dit wat is (sy eie "is"/bestaan ingesluit) hom voorafgaan en sonder enige verdienste aan hom geskenk is.

Ook wat hierdie saak betref, kan gesê word dat ons vandag kwalik 'n sinvolle antwoord op die krisis van die Weste sal kan gee, sonder om hierdie ou waarhede uit die tradisie te herontdek.

'n Derde en laaste punt moet ook kortliks beklemtoon word. Ingevolge die tradisionele opvatting kan die werklikheid nie van sy oorspronge in God geïsoleer en uiteindelik as 'n pure sekulêre werklikheid beskou word nie. Dit wil sê as 'n werklikheid wat van enige "transendente buitekant" losgemaak en nou slegs "na binne" en op sy eie outonomie gerig is.

Volgens die tradisie is die skepping vir sy blote wees (sy bestaan of eksistensie) van God afhanklik. Sonder God kan die skepping nie wees nie, selfs nie vir 'n duisendste van 'n sekonde nie. Vanweë sy wesensafhanklikheid van God, word die mens opgeroep om met dankbaarheid aan die skepping deel te neem. In en deur sy deelnemende gerigtheid op die ware, die goeie en die skone, kom die mens sy roeping na om die goeie orde te onderhou.

## Ten slotte

Alhoewel ons hierbo slegs in bondige terme na een antwoord (die ontologiese antwoord) op genoemde krisis verwys het, bied dit 'n vertrekpunt met behulp waarvan antwoorde op die ander aspekte van die krisis gegee kan word.

So kan ons byvoorbeeld, indien ons die werklikheid, soos in die tradisie, as 'n geskenk ervaar wat ons tot dankbare deelname aanmoedig, 'n antwoord op die onverbonde individualisme van ons tyd gee. Ingevolge die tradisionele ontologie kom ons immers nie tot ons "reg" wanneer ons ons lewe rondom ons eie individuele belange definieer nie, maar wanneer ons buite onsself

uitreik en 'n deelnemende rol in onder meer die gesin, skool, universiteit, politiek en kerk speel. Anders geformuleer: Wanneer ons die gemeenskaplike goed najaag.

Alhoewel ons nie hier die tyd het om die implikasies van die tradisionele ontologie verder te ontwikkel nie, bevat dit ook noodsaaklike wenke hoe om op die gesinsverbrokkeling te antwoord; maar ook op die ideologiese greep op universiteit, vermaak en groot besigheid; op die utopiese en grenslose uitbreiding van individuele regte in die politieke lewe; op die onvergenoegdheid waartoe ons grenslose begeertes aanleiding gee; op die uitputting van die natuur en laastens, ook op die leegloop van ons kerke.

Om onsself op die tradisie te beroep, beteken nie om ons rug op die toekoms te draai nie. Inteendeel, met dié beroep hoor ons eerder wenke vir 'n helder toekoms.

HULDEBLYK

# Ds. Wynand van Wyk

**"Stil, broers, daar gaan 'n man verby" (Uit: Jan FE Celliers se *Generaal de Wet*). 'n Groot man, met 'n groot stem en 'n groot Boerehart is na sy ewige rusplek.**



Ds. Wynand van Wyk, alombekend as oom Wynand, sal altyd 'n besondere plekkie in ons harte hê. Met tannie Oba aan sy sy, was hulle 'n formidabele predikantspaar. Kerkaangeleenthede het vlot verloop en is vooraf haarfyn beplan.

Die kerkbasaar was 'n feestelike hoogtepunt in die kerklike jaar en ds. Wynand het hart en siel aan die geleentheid deelgeneem. Sy hand was ook op die pols van die AP Kerk Ermelo se jaarlikse skoustalletjie gedurende Maart. Hy het vleis gebraai, oral gehelp en 'n vriendelike woordjie vir almal gehad. Ds. Wynand se huisbesoeke was nooit pligpleging nie. Dit was volwaardige kuiers met 'n boodskap as rigtingwysing vir die pad.

Ds. Wynand was 'n joviale mens wat op 'n besonderse wyse met sy medemens omgegaan het – 'n geliefde figuur in die gemeenskap. 'n Groot pronkveer in sy hoed, was sy groot liefde vir die Afrikanervolk. Hy het die volksaak gedien waar hy ook al kon en sy gewig het hy op talle terreine van die samelewing ingegooi.

Radio Ermelo moes, soos talle Afrikaner-organisasies, 'n voortdurende stryd om voortbestaan voer. Ds. Van Wyk het 'n integrale deel van die radiostasie uitgemaak, ook later as direksielid. Hy het ywerig gehelp met die "Vasbyte", ander fondsinsamelingsaksies en het ook self die hand aan die ploeg geslaan. By gebrek aan 'n ateljee, het hy en 'n groep vrywilligers binne 'n ommesientjie 'n ateljee vir die radiostasie gebou.

Ds. Wynand was nie slegs 'n Boer nie, maar ook 'n landbouer in murg en been. Dié liefde kom 'n lang pad. Die egpaar het enkele jare buite Ermelo geboer. Sy Brahmane was 'n groot liefde en die Jack Russels was hul baas se skaduwee.

Ons eer Wynand van Wyk se nagedagtenis.

**Ina Weilbach**

Voordat ds. Van Wyk voltyds tot die bediening toegetree het, was hy die Konserwatiewe Party se volksraadslid vir Witbank.

"Ek leer ken Wynand van Wyk vanaf Mei 1987 as kollega in die eertydse Volksraad. Hy was 'n stoere vegter en beginselvaste volksgenoot – geliefd in sy omgang met ander mense. Hy het suiwer politieke toesprake gelewer en as deel van die Konserwatiewe Party se mobilisasieproses ná 1994, bring hy offers op die terrein van volkswelsyn. Hy het altyd die suiwer evangelie bely en beoefen.

**Schalk Pienaar (AP Kerk Potgietersrus)**



# Om ’n huis te bou, om ’n stad te stig

**Dr. Wikus Buys**[1]

**Ons het almal seker grootgeword met die idee dat die Voortrekkers met die gelofte wat hulle afgelê het, aan die Here belowe het dat hulle onder meer ’n kerkgebou tot sy eer sal oprig. Die meeste historici sien die Geloftekerk op Pietermaritzburg as dié kerk. Uit die aard van die saak is dit ongetwyfeld so dat dié kerkgebou met die gelofte in verband gebring word. Tog ontstaan die vraag: Is dit die diepste saak wat hulle in gedagte gehad het toe hulle die gelofte afgelê het?**

## Die Voortrekkers as voorbeeld

Ons moet ’n bietjie kyk na die woordeskat van daardie tyd onder die Voortrekkers. Hulle het baie goed die verband én onderskeid verstaan tussen “bou” en “stig”. As ’n mens mooi na die presiese woorde kyk wat weergegee word, dan word die woord “stig” gebruik en nie maar die meer algemene “bou” nie: “om zo de Heere ons de overwinning geven mogt, ’n Huis tot zyns Grote Naams gedagtenis te stichten alwaar het Hem zal behagen.”

Voordat verder na die verband en onderskeid tussen “bou” en “stig” gekyk word, is twee opmerkings oor die Voortrekkers se manier van praat – oor hulle woordeskat – noodsaaklik. In die eerste plek was hulle woordeskat “’n skat van woorde” uit die Woord van God. Veral die Ou Testamentiese verbondstaal het in hul alledaagse praat geleef. Die Woord van God het in ’n groot mate hul woorde en die begrippe van hul woorde bepaal. Tweedens, wat baie duidelik na vore kom wanneer ’n mens na die korrespondensie[2] van die Voortrekkers kyk, is dat hulle ’n onderskeid verstaan het tussen “bou” en stig”, alhoewel hulle dit soms as sinonieme gebruik het.

Die meeste kere verstaan hulle “bou” in die letterlike sin van die woord – om stene opmekaar te sit. Hulle verstaan die woord “stig” egter baie spesifiek op ’n Ou Testamentiese wyse. In die Ou Testament word dikwels genoem dat ’n “huis gebou” word vir iemand, maar dan word dit verstaan as ’n nageslag, ’n huishouding. Dit word spesifiek as verbondstaal verstaan. Wanneer iemand se huis deur God gebou word, dan word die seëninge en verbondsbeloftes van die Here bedoel. ’n Hele nageslag, ’n hele toekomstige samelewing wat binne God se verbond lewe en sy seën ervaar, word dan bedoel.

Indien hierdie twee sake in verband met die woorde van die 1838-gelofte gebring word, dan beteken dit dat die Voortrekkers primêr ’n nuwe samelewing binne die verbond met God wou stig. Die fisiese kerkgebou in Pietermaritzburg dien as teken en sigbaarmaking daarvan.

Hierdie historiese opmerking oor die Voortrekkers is egter nie waaroor hierdie artikel gaan nie. Hierdie artikel gaan oor opbou ná afval. Hoe word ’n volk opgebou wat baie afvallig geword het? Die historiese verwysing word slegs genoem om aan te toon dat die Voortrekkers baie verbondsmatig gedink het, ook in hulle versugting en vestiging van ’n nuwe samelewing.

Hierdie inleidende opmerkings help ons egter om vanuit die Skrif ook navraag te doen of ons nie ook beter moet onderskei tussen “bou” en “stig” nie. Dit kan ons help om beter te bou vanuit die afval.

## God se bouwerk

In die Bybel kom die woord “bou” en “stig” ook voor in verband met mense en die samelewing. Die heel eerste keer wat “bou” (*bânâh* in die Hebreeus ) gebruik word, is om ’n handeling van God sélf aan te dui. God het die vrou “gebou” en haar na Adam gebring (vgl. Gén. 2:22). Die hele profesie oor Christus en die kerk as die bruid van Christus lê hierin opgesluit (vgl. Efés. 5).

Die mens se antwoord op hierdie bouwerk van God behels ook bouwerk van die mens se kant af. Dit kan egter in geloof gedoen word, of in ongeloof ontspoor. So bou Kain vir homself 'n stad, wat hy Henog noem, om homself te beskerm teen die straf wat God op hom gelê het (vgl. Gén. 4:17).

Die mens se bouwerk kan óf deel uitmaak van God se bouwerk, óf die mens kan afval – weg van die bouwerk van God af. 'n Mens kry in geloof deel aan die bouwerk van God, óf 'n mens kan in ongelowige afvalligheid teen God bou deur self te probeer om iets te doen of op te rig vir selfbeskerming – sonder God se beloftes. In Christus is al God se beloftes "ja en amen" (vgl. 1 Kor. 1:20). Wie in Hom glo, word dus deur God self as gebou opgerig. Dit geld nie net vir individue nie, maar ook vir volke. Dit beteken dat 'n mens ingevoeg word in die gebou van God, die tempel, sy eie Seun se liggaam.

Die woord "stig" (*kûn* in die Hebreeus ) beteken weer oprig, inrig of voorberei. Die woord "maak" ('*âśâh* in Hebreeus ) word ook gebruik om hierdie daad van God aan te dui. Die woorde dui ook die handeling van God aan wanneer Hy sy beloftes aan iemand in sy nageslag voltrek. Seker die sprekendste voorbeeld hiervan is die Here se belofte dat Hy vir Dawid 'n huis sal bou (vgl. 1 Kon. 11:38) en ook die woorde in 2 Samuel 7:27:

> ***Want U, Here van die leërskare, God van Israel, het die oor van u kneg geopen en gesê: Ek sal vir jou 'n huis bou ...***

## Bou op belofte

Hier bedoel die Here nie 'n klipgebou as paleis nie, maar 'n verbondsnageslag. God bind hierdie stigtingswerk van Hom direk aan die belofte dat sy Seun as Messias sal kom en as Koning sal regeer. In die geloof kry 'n nageslag hulle aandeel in God se belofte. Hulle deel in sy bouwerk deurdat God uitvoer wat Hy aan die vorige geslag beloof het. Hierdie belofte hou stand en realiseer wanneer daar in die geloof vasgehou word aan God se bedoeling met sy bouwerk – in die voorgeslagte en in die nageslagte. God se Woord stig, dit bou en dit bou op – van (voor)geslag tot (na)geslag.

Wanneer God dus bou en stig, dan is dit altyd sy bedoeling om deur sy Seun en die Heilige Gees by sy mense te woon. God bou aan sy heilige huis op aarde deur 'n samelewing te stig wat pas by wie Hy self is. God bou en stig omdat Hy by sy kinders wil woon. So sê Moses ook in Exodus 15:17: *U bring hulle in en plant hulle op die bergland van u erfenis, die plek, o Here, wat U as vaste woonplek vir U berei het, die heiligdom wat u hande gestig het, o Here!*

## Wat beteken dit vandag?

Dit het geweldig baie implikasies vir ons eie manier van dinge doen. Ons is ook gewoond om te bou en te stig. Ons moet egter weereens herinner word, nie net uit die goeie geloofsvoorbeelde van ons voorouers soos die Voortrekkers nie, maar veral uit die bron waaruit hulle ook geleef het – die Woord van God.

Ons moet goed die verband tussen "bou" en "stig" insien. Enige bouwerk, enige stigting, se uiteindelike veilige toekoms word bepaal of dit op God se bouwerk en sý stigting rus, al dan nie.

Bouwerk het altyd met mense te make – húlle word gebou. Die stene en sement wat hulle gebruik om hulle woonhuise en woonplekke mee op te rig en in te rig, is maar net die vergestalting daarvan of die mense deur God self gebou is of nie. As ons iets nuuts wil stig, op dieselfde wyse as wat die Voortrekkers 'n nuwe samelewing gestig het, moet dit wees na die behae van die Here. God se Woord en wil moet die inrigting van ons samelewing bepaal.

## Saamlewe as stad

Die Skrif beskryf die bou van 'n samelewing ook as 'n stad. Dit word negatief en positief geskets. As voorbeeld van die negatiewe ken ons die bose stad as Babel, die ontugtige vrou. Die mensdom wat wegbreek van God en alleen op die aarde wil lewe en sonder God wil bestaan. Hulle geboue en stigtings getuig ook van hulle ongeloof. Die Skrif beskryf egter ook die ander stad, die eintlike stad – Jerusalem. In die Hebreeus het die woord "stad" en die woord "lig" baie met mekaar te doen. God stig sy stad, Hy bou sy heiligdom op die aarde met en deur mense. 'n Samelewing wat op God se beloftes bou, is 'n samelewing wat die "ligstad" realiseer. Dit sluit sement en steen in, maar is ook veel meer as dit.

## Ons wil 'n stad stig

Soos wat die Voortrekkers belowe het om 'n huis te stig waar dit God behaag, kan ons ook weer sê: Ons wil 'n

1 Begrond Instituut

2 Pretorius, HS, Krüger, DW & Beyers, C (reds). 1937/ Voortrekker-argiefstukke, 1829-1849: afgeskryf, toegelig, persklaar gemaak en van bladwysers voorsien. Staatsdrukker.

Vervolg op bl. 25



# Vervolging van Christengelowiges in Indië – Ds. Rajesh Kumar[1]

Geloofsvryheid is normaalweg die reg van die inwoners van enige land, waar mense met verskillende geloofsoortuigings in harmonie saamwoon. Van Indië kan dit egter nie gesê word nie, al word die reg tot geloofsvryheid deur artikels 25-28 van die Indiese grondwet gewaarborg. Verskeie gevalle van onverdraagsaamheid teenoor Christene het die afgelope tyd in sommige Indiese state voorgekom.

## Vervolging van die kerk in Indië

Die Christelike geloof, met ongeveer 27,8 miljoen aanhangers (2,3% van die bevolking volgens die 2011-sensus), is naas Hindoeïsme en Islam, die derde grootste geloof in Indië. Volgens berigte was daar tussen Januarie 2016 en Junie 2020 nie minder nie as 2068 misdade wat spruit uit onverdraagsaamheid jeens Christene aldaar. Sedert die bewindsoorname van die huidige regering, het misdaad teen Christene met 60% toegeneem (2016-2019).

Volgens *Evangelical Fellowship of India*, was daar vanaf Januarie tot Junie 2021, 145 insidente waarin Christene geteiken is. Dit sluit moorde, aanvalle op kerke, vervalste klagtes en boikotte deur die gemeenskap in. State waarin hierdie insidente plaasgevind het, is Madhya Pradesh, die Hindi-sprekende hartland van Indië, wat bo aan die lys met 30 gevalle is, gevolg deur Utter Pradesh met 22 gevalle. In die suide was daar 14 gevalle in Karnataka en 13 gevalle in Chhattisgarh.

## Die worteloorsake van die vervolging

"Hindutva" (losweg vertaal: Hindoenasionalisme) is een van die dryfvere van die vervolging van Indiese kerke. Hierdie ideologie beskou die Christendom as 'n uitheemse godsdiens. Weens die vinnige groei daarvan, hou dit 'n bedreiging vir die Hindutva in. 'n Ander dryfveer is die vrees onder die hoër stande dat die Hindoe-meerderheid die minderheid gaan word, sou te veel van die laer stande hulle tot die Christendom bekeer. Vir Hindoe-ekstremiste hou die snelle uitbreiding van die Christendom in Indië 'n nasionale bedreiging in.

Hierdie vrees het daartoe aanleiding gegee dat nege van Indië se 29 state anti-bekeringswette deurgevoer het.

Die Hindutva-ideologie vier steeds hoogty in baie state en waar ook al dit 'n vastrapplek kry, word hierdie anti-bekeringswette deurgevoer. In hierdie streke word Christene veral geteiken. Die doel van hierdie wetgewing is om "bekering" te reguleer.

Tussen 2017 en 2019 het die meeste gevalle van Christenvervolging in Utter Pradesh voorgekom. Die amptelike administrasie en godsdienstige fanatici is kop in een mus. Die polisie ondersteun eerder die fanatici as wat hulle Christene beskerm, aangesien daar baie min Christene in Utter Pradesh is. Onder hoofminister Aditiyanath se administrasie, is meer as 100 kerke se deure gesluit.

Utter Pradesh het baie streng maatreëls wanneer onderdane hulle wil bekeer. Die aspirant bekeerling moet 60 dae kennis van sy voorgenome bekering aan die distriksowerhede gee. Die leraar moet reeds 'n maand voor die tyd kennis gee. Die egtheid van sulke bekerings word dan deur die polisie ondersoek, waarna aan die distriksowerhede terugvoer gegee word. Uiteindelik moet die persoon wat tot bekering wil kom, voor die owerhede verskyn. In hierdie gevalle is geregtigheid skaars, aangesien die meeste mense wat by die proses betrokke is, Hindoes is.

## Aard van die vervolging

Die vervolgers brand dikwels die huise en die kerke van stamverbonde Christene af, terwyl die polisie en regering niks doen om dit te verhoed of die oortreders aan die pen te laat ry nie. Nuusberigte vertel hoe Christene geslaan en hulle besittings rondgegooi en vernietig is. Fanatici organiseer gereeld saamtrekke teen Christene om hulle bang te maak. Boonop word Christene deur hul eie familielede uit die gemeenskap uitgesluit.

Voorheen het militante groepe verbonde aan hierdie ideologie, direkte aanvalle op kerke en individuele Christene geloods. Hulle het egter hul strategie verander. Hulle maak vriende met gemeenskapslede van stamme en moedig hulle dan aan om hul eie Christenstamlede te vervolg.

Nog 'n strategie is om Christenleiers te teister en daarvan te beskuldig dat hulle Hindoes wil oortuig om hulle tot die Christendom te bekeer. Dit doen hulle deur die misbruik van wetgewing wat godsdienstige bekerings moet reguleer. Bekering as gevolg van "dwang of bedrog", deur middel van "aanlokking" of "aansporing", is onwettig.

'n Volgende wrede strategie wat gevolg word, is dat Christene tot Hindoeïsme gedwing word. Dit word "Ghar-Wapsi" (tuiskoms) genoem. As daar ooit iets soos "gedwonge bekering" was, dan is dit hierdie. Volgens die staat is dit 'n misdaad wat gestraf moet word, maar die staat doen niks hieraan nie. Hulle meen bloot dat mense tuiskom by Hindoeïsme en dat Christenskap nooit regtig hul godsdiens was nie. Volgens die heersende anti-bekeringswetgewing, word bekering tot Hindoeïsme nie as "gedwonge" beskou nie, selfs al gaan dit met dreigemente en intimidasie gepaard.

## Gevolge van die vervolging

Kerklidmate is dikwels die slagoffers van geweld, terwyl gebedsbyeenkomste ook dikwels ontwrig word. Verskeie aanbiddingsplekke is al aangeval en

gelowiges vrees dat hulle ook enige oomblik aangeval kan word. Ook leraars en sendelinge vrees maande lange gevangenisstraf sonder die opsie op borgtog. Baie buitelandse Christenorganisasies se bankrekenings word gesluit en hulle lisensies om in Indië werksaam te wees, word opgeskort. Daar is tans heelwat predikante in aanhouding. Dit ontwrig die bediening, terwyl hulle gesinne in vrees leef. Gelowiges kan nie meer gebedsbyeenkomste reël nie, met die gevolg dat die verkondiging van die evangelie nie kan voortgaan nie.

**Bybelse verstaan van vervolging**

Hoe moet Christene dan hierop reageer? Daar heers onsekerheid. Baie Christene twyfel in God se teenwoordigheid. Totale vernietiging en onsekerheid oor die toekoms van die kerk, leef in hulle gemoedere. Christene is bang, onseker, paniekerig en dikwels sonder hoop vir die toekoms. Dit is egter alles sake wat na vore tree in die aangesig van vervolging. Voordat hierop lig gewerp word, moet Christene van 'n paar belangrike feite kennis neem.

Ons Here het van sy geboorte tot sy dood ter wille van ons gely. Hy het gewaarsku dat ons net soos Hy gehaat sal word (vgl. Mt. 24:9). Kragtens ons verbintenis aan Christus, word ons Christene genoem en daarom ook vervolg (vgl. Joh. 15:20). Hierdie feit word deur Paulus in 2 Timótheüs 3:12 bevestig: *En almal wat godvrugtig wil lewe in Christus Jesus, sal vervolg word.*

Wanneer iemand die kerk vervolg, vervolg so iemand in der waarheid die Here Jesus self. Onthou die woorde van ons Here aan Paulus in Handelinge 9:4 op die pad na Damaskus: *Saul, Saul, waarom vervolg jy My?* Christus ly ook wanneer sy liggaam vervolg word. Onder sulke omstandighede moet ons bid dat dieselfde sal gebeur as wat met Paulus gebeur het.

Dit is 'n voorreg om vir Christus te ly. Wat kan 'n groter seën wees as dat iemand se lewe as gevolg van ons lyding verander word? Ons is geroep om vir Christus te ly. Wanneer ons in sy lyding deel, sal ons ook in sy heerlikheid deel (vgl. Rom. 8:17). Dit is swaar om te ly, maar die lyding kom nie vanself nie. God beskik dit (vgl. Filip. 1:29).

God laat dikwels sulke lyding toe sodat die kerk kan uitbrei. Handelinge 8 vertel hoe die kerk juis gedurende 'n tyd van groot vervolging uitgebrei en gegroei het en hoe gelowiges in hul geloof versterk is. God louter sy kerk hierdeur. Slegs ware gelowiges bly staande vir hul geloof (vgl. 1 Thes. 3:7-8), terwyl onegte gelowiges afvallig word gedurende lyding en vervolging (vgl. Mt. 13:21). Deur die geskiedenis is hierdie patroon dikwels herhaal – vervolging wat lei tot groei en uitbreiding.

Luister na die wonderlike woorde van ons Here in Matthéüs 5:10: *Salig is die wat vervolg word ter wille van die geregtigheid, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.* Daar wag beloning vir hulle wat vervolging deurstaan (vgl. Mt. 5:12). Die volk van die Here moet onthou dat die kerk nog altyd bestaan het en vir ewig sal voortbestaan. Die vyand kan die kerk net vir 'n beperkte tyd lank teister en bedreig.

God sal sy uitverkorenes altyd beskerm soos in die tyd van Elía (vgl. 2 Kon. 19:18). In die verband is dit belangrik om die woorde van die Hoof van die kerk ter harte te neem – Hy wat die fondament daarvan gelê het: *... op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie* (Mt. 16:18). Dit is sy kerk. Hy sal dit beskerm en bewaar.

Laastens laat vervolging ons buig voor die almagtige God, Skepper en Onderhouer van hemel en aarde; dit laat ons ook ons vertroue in Hom stel, wat beloof om sy heiliges te red. Ons is hartseer oor elkeen wat weens hierdie vervolging 'n geliefde verloor het, maar ons hoop bly dat die bloed van die martelare, die saad van die kerk sal wees, aldus Tertullianus.

---

1 Sendingpredikant van die GKSA in Vyara, Indië.

Vervolg vanaf bl. 23

## Om 'n huis te bou, om 'n stad te stig

stad stig – 'n samelewing wat rus op God se eie bouwerk. Ons wil bou op God se beloftes. Sy bouwerk word in ons bouwerk herken.

Ons wil só 'n stad op 'n berg wees wat weer onomwonde sê dat God vir ons 'n huis gebou het, dat God vir ons 'n stad gestig het. Ons en ons kinders, tot in die opkomende geslagte, wil hierop voortbou. God die Vader het sy Seun gestuur, Hy woon deur sy Heilige Gees in sy kinders, Hyself doen die bouwerk. Ons bouwerk, ons samelewinginstellings kan en moet op hierdie vaste fondament rus.

As die gelowige Afrikaners weer die belofte van God ernstig opneem – dat Hy 'n huis bou, dat Hy sy stad stig – dan sal ons ons eie afvalligheid in ons eie bouwerk raaksien. Dan word Psalm 107 ook vir ons as volk weer lewendig in Christus en sy Gees. Dan kan ons opnuut ons eie dwalinge bemerk (vgl. Ps. 19:13) en weer met nuwe geloof bekerend bou op God se bouwerk. Dan kan ons ook 'n stad stig, 'n nuwe samelewing bou, waar dit Hom behaag. Dan kan ons 'n stad stig op die boubeloftes van God en saam met Psalm 107:7, 35-36 sing:

> *En Hy het hulle gelei op 'n regte pad om te gaan na 'n stad om in te woon ... Hy het die woestyn 'n waterplas gemaak en die dor land waterfonteine; en Hy het hongeriges daar laat bly, en hulle het 'n stad gestig om in te woon.*

Gaan ons ophou om ons eie afvallige, vervalle volkshuishouding te bou? Of gaan ons op God se beloftes 'n nuwe stad bou? Sal ons 'n huis kan stig – tot sy groot gedagtenis? Sal ons só 'n stad kan bou? ☺



# Die Afrikaanse Protestantse Akademie se visie op Christelike wetenskap

**Prof. GDS Smit**

**Dit is 24 Februarie 1943 – die Tweede Wêreldoorlog woed steeds voort. Winston Churchill, destydse eerste minister van Brittanje, beskryf die oorlog as ’n konflik wat in die toekoms bekend sal staan as die oorlewingstryd van die Christendom, soos die Westerse beskawing dit eens geken het. Op hierdie dag reis CS Lewis vanaf Oxford na die middeleeuse dorpie Durham, om drie lesings te gee by die Riddel-herdenkingsgeleentheid, ter herdenking aan die bydrae van Sir John Riddel tot die Westerse wetenskap.**

Lewis het voorberei om tydens hierdie geleentheid te praat oor die verband tussen godsdiens en die moderne mens se denke. Hy fokus op die toestand van die gehawende Britse onderwys en wys die gevolge daarvan uit, terwyl hy terselfdertyd die dood van Christelike onderwys in Europa betreur. Na sý mening het die Christelike opvoeding “van ouds” die wêreld gevul met goddelike betekenis en doel en het dit gepoog om wysheid te bevorder deur kennis van hierdie goddelike betekenis en doel te vermeerder. In Lewis se woorde het die klassieke onderwys gefokus op “die leer van objektiewe waarde, die oortuiging dat sekere waardes werklik wáár en ander werklik váls is en die wete dat die heelal ’n skeppingswerklikheid is”.

Ongelukkig het die Westerse onderwys sedert die Franse rewolusie die “kop van die lyf losgeskeur” deur kennis te herdefinieer in terme van rede en verifieerbare feite en wetenskap téén geloof op te stel. So het die Weste gevolglik die hart van die wetenskap uitgeruk. Wanneer wetenskap net met die verstand beoefen word en boonop nog met objektiewe hipoteses werk, word aangeneem dat wetenskaplike werklikhede soos ‘2+2=4’ niks met waardes, óf met God te doen het nie. Wetenskap kan dan gevolglik nie morele betekenis hê of voorveronderstellings uit die geloof neem nie.

**Lewis het aangetoon dat ons besig is om wetenskaplikes op te lewer wat afgesny is van die waardes van waarheid, goedheid en skoonheid, soos ons dit in die Bybel leer.**

In my ander artikel in hierdie uitgawe van *Die Boodskapper*, maak ek melding van die kultuuroorlog wat tans woed. Ek maak die opmerking dat ’n kultuurskuif óók gekom het in die Afrikaner se beskouing oor die Bybel, die kerk en die wêreld. Daarom kan ons óók nie meer sê dat ons in Suid-Afrika volgens ’n Christelike kultuur leef nie. Hierdie oorlog wil die mens se totale wêreld- en wetenskapsbeskouing sekulariseer. In die sekulêre wetenskapsbeoefening is daar geen geduld vir die Christelike wetenskap nie. Dit wil eerder die Christelike belydenis oor die bestaan van God vernietig.

Die Christelike wetenskapsleer daarenteen, wil kultuur vir die Christelike geloof herwin. Volgens die Christelike wetenskapsleer, spruit álle menslike vertrekpunte voort uit ’n vooraf opgestelde beskouing. Enige hipotese kan dus die verwagte uitkoms waarop die wetenskapsbeoefening gaan uitloop, bepaal. Daarom aanvaar die Christelike wetenskapsbeskouing dat daar nie so iets soos objektiewe wetenskapsbeoefening is nie. Dit beteken dat ’n mens nie terreine van die wetenskap kan hê waarin geloof nié ’n rol speel nie, aangesien álmal álle wetenskap beoefen vanuit ’n reeds gevormde idee oor die skepping, oor die mens en oor God, of ten minste ’n god. Wanneer geloofsvertrekpunte uit die wetenskap verwyder word, loop ons die gevaar dat daar géén objektiewe betekenis of doel, of morele integriteit in die wêreld van wetenskap kan wees nie. Hoewel ons dan dink ons werk nét met feite, is daar ook niks méér nie. Ons kan ons indink hoe gevaarlik en immoreel die wêreld sal wees en hoe oneties die wetenskap, indien

wetenskaplikes géén etiese vertrekpunte in navorsing sou hê nie. Dink maar net hoe die Nazi-wetenskaplikes eksperimente op mense gedoen het en wat in ons tyd kan gebeur indien wetenskap nie met etiek beoefen word nie?

Sekulêre universiteite is die "krygskamer" van ons tyd, waarbinne "soldate" opgelei word om in die kultuuroorlog te veg met 'n wêreld- en wetenskapsbeskouing wat kenmerkend sekulêr is. Die meeste universiteite wil helaas niks met Christelike voorveronderstellings óf die Bybel te doen hê nie. Die gevolg is: Oral op die intellektuele slagveld van die Westerse beskawing lê die lyke van Christelike hoëronderwysinstellings en die reste van die Christelike kultuur wat afgeskud is. Die ironie is egter dat die post-Christelike samelewing nie sonder voorveronderstellings is nie, al dink hulle dat hulle immuun teen subjektiwiteit is!

**GK Chesterton het tereg gesê: "... when people turn from God, they don't believe in nothing – they believe in anything."**

In *The Everlasting Man* beskryf Chesterton "vyf doodsmomente van die geloof". Dit is vir hom vyf geleenthede in die Westerse geskiedenis waarin die Christendom op 'n punt gestaan het dat dit kon verdwyn of in 'n post-Christelike samelewing irrelevant kon word, te wete: (1) Die val van die Romeinse Ryk; (2) Islam se verowering van die Westerse sentra in die Nabye Ooste en Noord-Afrika; (3) die Middeleeue se oorgang na die Renaissance; (4) toe godsdiens laat vaar is deur Marx, bevraagteken is deur Darwin, (5) afgesweer is deur Nietzsche en weggeredeneer is deur Freud. Tog is daar in elkeen van hierdie gevalle 'n tydperk van krisis gevolg deur 'n tydperk van herwinning, waarin die magte wat die Christelike geloof bedreig het, óf teruggetrek het, of só in onguns geraak het dat die Christendom 'n oplewing beleef het. Chesterton merk op dat dit *keer-op-keer gebeur het dat die geloof vir die honde gevoer is, maar elke keer was dit die honde wat gevrek het.* Die verloop van die geskiedenis moet ons dus hoop gee, omdat daar die verwagting is dat daar wéér 'n oplewing in die Christelike kultuur sal kom.

Ons moet ons beywer vir die herstel van die Christelike wetenskap en so meewerk aan die belydenis dat die hele aarde onder die heerskappy van Christus is, of soos Abraham Kuyper dit beskryf het: *dat daar geen duimbreedte van die skepping is waaroor Christus nie heers nie.* Ons roeping is dus om die ryk van die Bose teen te staan en ons te beywer om ons kultuur óók onder die heerskappy van Christus te stel, anders doen ons niks anders as die post-Christelike samelewing nie. Ons moet daarom besef dat ons in 'n oorlog betrokke is om die eer van God op alle terreine, natuurlik óók op die terrein van onderwys, in Suid-Afrika te bevorder.

Die AP Akademie lewer al jare lank 'n bydrae tot Christelike wetenskap in onder meer die teologie en meer onlangs, in die onderwys. Ons visie is om Christelike wetenskap in die raadsaal, in die laboratorium, in die personeelkamer, in die klaskamer en op die markplein te bevorder en sodoende mee te werk aan die herwinning van die Christelike kultuur tot eer van Christus. Daarom is dit vir die AP Akademie belangrik om nie alleen selfstandige denkers vir die arbeidsmark op te lei nie, maar veral meningsvormers wat vanuit die ou spore van die Christelike wetenskap begrond is en nuut dink oor die uitdagings van die tyd om nuwe weë, ter wille van die koninkryk van God, oop te breek.

Dit is vir ons baie duidelik dat die toekoms van Christelike wetenskap nie by staatsinstellings lê nie. Openbare universiteite wil die Christelike wetenskap afskud en word toenemend humanisties, sosialisties, kontra kultuur en ongodsdienstig. Christelike privaat instellings soos die AP Akademie, is die pioniers van ons tyd, wat die fakkeldraers van die Christelike wetenskap moet wees en wat 'n groot bydrae te lewer het in die herstel van die Christelike kultuur in die Westerse samelewing.

Die AP Akademie kan hierdie roeping egter nie alléén vervul nie. Ons het hoofde, harte en hande nodig wat ons in hierdie roeping dra en ondersteun. As nie-winsgewende maatskappy wat geen subsidie van die staat ontvang nie, is die AP Akademie afhanklik van donateurs, bemakings, maandelikse bydraes en hulp van elkeen van ons geloofsgenote. As Christelike onderwys vir u belangrik is en u graag 'n bydrae wil lewer om mee te werk aan die herstel van die Christelike kultuur in Suid-Afrika, nooi die AP Akademie u uit om met ons hande te vat. Oorweeg ook asseblief 'n skenking, deurkollekte, maandelikse debietorder of donasie om ons in staat te stel om die fakkel wat ons dra, aan die nageslag te kan oorgee. Bid voortdurend vir ons. Help ons deur 'n ambassadeur te wees. Help ons deur self ook die stof van die ou spore af te vee en nuwe weë van verwondering oor die Christelike wetenskap te kweek, wat met hart, hande en verstand werk.



# 2 November 1561: Die Nederlandse Geloofsbelydenis en Guido de Brès

**Peet Schutte**

**Onder die kasteelmuur van Doornik haal die man 'n slag diep asem en kyk om hom rond. Dit is laat in die aand en die meeste mense slaap al. Dan skraap hy al sy moed bymekaar en slinger 'n pakkie oor die muur. Hy staan nog 'n oomblik stil en maak hom dan uit die voete.**

Dié man is Guido de Brès en hy het rede om versigtig te wees. Dit is 2 November 1561 en die Roomse owerhede doen alles in hul vermoë om die Reformasie uit te wis. Dit is uiters gevaarlik om in hierdie tye 'n gereformeerde predikant te wees. In die pakkie wat hy oor die muur gegooi het, is daar 'n brief aan die owerhede waarin hy pleit vir geloofsvryheid. Die pakkie bevat ook 'n kleinood: 'n Afskrif van die Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB) waarin hy die gereformeerde geloof verduidelik en verdedig.

Guido de Brès is kort ná die aanvang van die Reformasie in Holland gebore. Beide sy ouers was oortuigde Rooms-Katolieke en sy moeder, wat niks met die Reformasie te doen wou hê nie, het hom Rooms-Katoliek opgevoed. Net soos sy vader, word hy ook 'n ambagsman. As gevolg van die woelinge wat die Reformasie veroorsaak, besluit hy egter om self ondersoek na hierdie "beroering" in te stel. Hy koop gevolglik 'n Bybel en nadat hy dit noukeurig bestudeer het, kom hy tot die oortuiging dat die Roomse Kerk op 'n dwaalspoor is. Hy sluit daarom by 'n gereformeerde kerk aan. Nie lank hierna nie, in die jaar 1548, word die vervolging teen die gereformeerdes so erg dat hy na Engeland vlug, waar die koning self 'n Protestant en die gereformeerde geloof stewig gevestig was. As gevolg van die vervolging in die Nederlande, was daar naderhand soveel Nederlandse Protestante in Londen, dat hulle hul eie gemeente stig. Intussen wy De Brès homself aan teologiese studies. Sy begeerte om van Christus te getuig en die evangelie te verkondig, word intussen al hoe sterker.

Teen 1552 kon hy dit nie meer langer in Engeland uithou nie en hy keer terug na Europa. Hy preek in Bergen, Valenciennes en in Ryssel. Elke keer moes hy na 'n ander stad uitwyk, omdat die vervolging van die Protestante al hoe hewiger geword het. Einde ten laaste vlug hy na Genève, waar hy sy teologiese studies voltooi. Nadat hy as predikant georden is, vestig hy hom in Doornik. Die vervolging neem toe, maar ten spyte daarvan groei die gemeente in Doornik. De Brès fokus veral daarop om die invloedryke mense in die stad vir die gereformeerde saak te wen. So probeer hy om die vervolging stop te sit. Ongelukkig, net toe hy begin om vordering te maak, raak 'n groep heethoofde in die gemeente ongeduldig met die vervolging wat hulle beleef. Hulle was veral keelvol daarvoor dat hulle alles in die geheim moes doen. As hulle geloof dan suiwer en Bybels is, waarom moet hulle in die geheim aanbid? Sou die owerhede nie juis in hulle openbare optrede kan sien dat ook húlle die Here van harte liefhet nie? Is die geheimhouding nie juis die rede dat die owerhede hulle wantrou nie?

De Brès se waarskuwing, dat hulle teen oorhaastige optrede moet waak, het op dowe ore geval.

Die voortvarende groep het begin om openlik byeenkomste te hou en hulle het selfs in groot groepe deur die stad gemarsjeer, terwyl hulle psalms sing. As gevolg hiervan het die Roomse owerhede hul vervolging verskerp. Dit het al De Brès se pogings om die hoër stand vir die gereformeerde saak te wen, in die wiele gery. Dit het hom geweldig teleurgestel, want hy het so pas 'n boekie geskryf en laat druk waarin hy die gereformeerde geloof netjies uiteengesit het. Hy het hierdie boekie onder sy gemeentelede uitgedeel, maar hy wou dit ook onder die hoër stand versprei. Die oorhaastige optrede van sy kerklidmate het hierdie geleentheid nou verydel. Daarom besluit hy om ook die owerhede direk te nader en hulle te versoek om die vervolging te staak.

Die aand van 2 November 1561 gooi hy die pakkie met die brief waarin hy pleit dat die owerhede meer verdraagsaam moet wees en 'n afskrif van die Nederlandse Geloofsbelydenis, oor die kasteelmuur van Doornik. Hierdie pakkie het egter presies die teenoorgestelde gevolg as waarop hy gehoop het. Die vervolging word verskerp; sommige van die kerkleiers word gevang en doodgemaak. Hyself kry dit net-net reg om te ontvlug.



Guido de Brès

De Brès het hom egter nie hierdeur laat stuit nie en ten spyte van die vervolging, het hy aangehou om die evangelie te verkondig en die dwalings van die Roomse Kerk uit te wys. Oplaas word hy ook gevange geneem. Wetende dat hy binnekort gehang sou word, skryf hy op Woensdag 12 April 1567 'n brief aan sy vrou. Hier volg 'n paar aanhalings daaruit:

**Catherine Ramon,**
**My dierbare vrou en suster in ons Here Jesus Christus: Jou trane verander die vreugde wat ek voel ook in hartseer, daarom het ek besluit om hierdie brief te skryf – sodat ons albei getroos kan word. Jy het my altyd diep liefgehad, maar dit is nou die Here se wil om ons te skei. Ek voel jou pyn oor hierdie skeiding dieper as my eie ... Jy het egter geweet dat jy met iemand trou wat kan doodgaan, die dag toe jy met my getrou het. As die Here ons langer vir mekaar wou spaar, dan sou Hy.**

**Onthou, Christus het self gesê dat die hare op my hoof getel is. Daarom kan daar nie iets met my gebeur wat nie God se wil is nie. In die verlede het hierdie waarheid al baie gelowiges getroos. Dink maar aan Josef wanneer hy sê: "Want júlle het wel kwaad teen my bedink, maar God het dit ten goede gedink om te doen soos dit vandag is, om 'n groot volk in die lewe te hou" (Gén. 50:20).**

**Dit is waar dat 'n mens se verstand hierteen skop – ek het dit self ervaar. In die begin, kort nadat ek gearresteer is, het ek dikwels vir myself gesê: "Ons moes nie in so 'n groot groep gery het nie. Of, so en so moes ons verraai het! Hulle was nie veronderstel om ons te arresteer nie!" Hierdie gedagtes het my dikwels oorweldig, totdat ek diep begin nadink het oor die manier hoe God alles ten goede laat saamwerk. Toe het my hart op 'n ander manier begin reageer.**

**Ek het begin sê: "My God, U het besluit dat ek in hierdie eeu gebore moes word. Regdeur my lewe het U my teen groot gevare beskerm – U het my elke keer gered. As dit nou u wil is dat ek van hierdie lewe moet oorgaan na die lewe by U, laat u wil geskied. Ek kan nie uit u hand ontsnap nie en selfs al sou ek kon, wil ek nie – dit maak my diep gelukkig om aan u wil gehoorsaam te wees."**

**Hierdie gedagtes het my hart weer bly gemaak.**

**Ek bid dat jy, my geliefde, getroos sal wees as jy só oor hierdie dinge dink – God het my die voorreg gegee om die kroon van 'n martelaar te dra (Dit is 'n eer wat nie eens aan die engele gegee word nie!).**

**Jou dierbare man, Guido de Brès, prediker van die Woord van God in Valenciennes en tans 'n gevange vir die Seun van God.**

Hy het dapper by sy geloof gebly en van elke geleentheid gebruik gemaak om van Christus te getuig. Verder het hy moedig volgehou dat die Roomse leer 'n growwe dwaling is. As gevolg van sy weiering om hom van sy "dwaling" te bekeer, word hy ter dood veroordeel. Sewe weke nadat hy die brief aan sy vrou geskryf het, op 31 Mei 1567, sterf hy aan die galg.

Guido de Brès het met sy lewe betaal vir die inhoud van daardie pakkie wat hy oor die kasteelmuur gegooi het. Gelukkig het daardie pakkie nie in die kasteel agtergebly nie. Ongeveer vyftig jaar later word die Nederlandse Geloofsbelydenis, tesame met die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls, tydens die Sinode van Dordrecht (1618-1619) as die Drie Formuliere van Eenheid aanvaar. Guido de Brès se pakkie word deur die geskiedenis heen vir ons aangegee. Die vraag is: Gee ons dit terug of maak ons dit oop?

**AP KERKDASSE**

Wit Kerkraadsdasse @ R120
10 en 20 jaar gedenkdasse ook beskikbaar op navraag

**VIR BESTELLINGS**
kontak Sonja Horn
Tel 015 2988028
Faks 0865305709

e-pos pietersburg@apkerk.co.za

Posgeld en verpakking sal bepaal word met bestelling
**Kantoorure:** Maandae tot Vrydae: 08:00 tot 13:00

**Oornagverblyf Kroonstad**

2 Gemeubileerde kamers met beddegoed
15 kamers met 2 beddens elk en ablusiegeriewe, asook karavaanstaanplekke.
Kan ook groepe van ongeveer 70 persone huisves.
Volledig toegeruste kombuis op aanvraag beskikbaar.
Kontak Annette Kok by 079 768 0525 vir verdere navrae of besprekings.

**IS JOU REKENAAR BEGROTING BEPERK WEENS COVID-19?**

Ons verkoop opgeknapte (refurbished) rekenaars, skootrekenaars en bedieners. Alle opgeknapte rekenaars het 'n een jaar waarborg. Ons koerier landswyd!

**Kontak Pieter by 083 214 3521 of pieter@activepc.co.za**

**BALLITO**

Luukse netjiese toegeruste 3 slaapkamerwoonstel. Loopafstand van die strand. Pragtige see-uitsig. Motorhuis en onderafdak parkering in sekuriteitskompleks. Billike tariewe. Linne ingesluit.

**Kontak Dina 012-662 5689 / 083 285 4738**

**BLOEMFONTEIN OORNAG-WOONSTEL**

• Ruim luukse oornag-woonstel met eg Suid-Afrikaanse gasvryheid • Veilige parkering • Skoon, netjies • Kleur TV • Stil en rustige atmosfeer

Tel: (051) 522-6035 / Sel: 082 726 9959

**OORNAG TE BLOEMFONTEIN**

Selfsorg oornagkamers elk met:
minikombuis en -badkamer, lugreëling, TV, braai- en vriesgeriewe, veilige onderdak parkering

Slaap 1-4 en 1-5. Naby N1

**Skakel Belie by 051 433 2635 of 072 342 7530**

**WOW!! Vakansiewoonstel te huur!!**

Luukse selfsorg, ruim, vakansiewoonstel **(Doonside naby Winkelspruit)** teen strand (70 m). Pragtige see-uitsig. 3 Slaapkamers, 2¼ badkamers, veilige sekuriteitsbeheerde parkering onder die gebou. Naby groot winkelsentrums. Billike tariewe, ook buite seisoen.

**Kontak: Petro 082 412 0999 / 082 550 3385**

**DOONSIDE (2 km van Toti)**

Shangrila: Seefront, 2 + 3 slaapkamers; sommige DSTV. Onderdak parkering. Braaiplek, winkel, wassery. Superwaarde.

082 821 2601 / 012 006 1064
www.shangrilaholidayflats.co.za

**Hartenbos Woonstel**

Puik selfsorg woonstel. Stap na strand
Skottel TV. Onderdak braai op patio
Slaap 1-6. Baie gewild. Beste tarief heel jaar

**Kontak: 044 695 0219 / 082 641 4092**

**Natal Suidkus – Southport**

Lekker, gerieflike selfsorg tuinwoonstelle te huur vir vakansie. Ten volle toegerus. Loopafstand van die see, braaigeriewe, see uitsig, DSTV ens.
***Kom ontspan in 'n rustige stil omgewing!***

**Kontak Hendrie: 072 932 1070**

**SUIDKUS MARGATE**

**Loopafstand van hoofstrand.**
**2 Slaapkamer – 6 persone. See- en brander-uitsig van balkon. 2 x onderdak parkering**

**Skakel Liezl vir tariewe 082 788 9304 of skakel of sms Thys: 082 921 1922**

**OORNAGVERBLYF Pretoria (Waverley)**

Tuinwoonstel in stil rustige omgewing.
Veilige parkering in erf.

**Skakel Ina by 079 872 3357**

# Ds. MJ van Schalkwyk

**Ds. Michael Johannes van Schalkwyk, gebore op 3 Julie 1929 naby Stoffberg, was 'n uitsonderlike mens. Sy lewensverhaal, veral gedurende sy bediening in die Hervormde Kerk, is merkwaardig.**



Hy matrikuleer gedurende 1946 aan die Hoërskool Middelburg (Transvaal) en begin sy studies aan die Universiteit van Pretoria. Hier het hy ook rugby gespeel onder die kapteinskap van dr. Willie Lubbe en die bekende prof. Daan Swiegers.

Ná verskeie onderbrekings weens finansiële uitdagings en buitemuurse klasse, voltooi hy sy studies en begin sy loopbaan gedurende 1958 as predikant in die Hervormde Kerk Bethal. In 1957 tree hy in die huwelik met suster Lettie Hertzog, kleindogter van generaal JBM Hertzog.

Die Hervormde kerkgebou op Bethal, nou 'n nasionale monument, is deur Gerard Moerdyk ten tye van ds. Van Schalkwyk se bediening daar ontwerp. Onder sy leiding in veral Oos-Transvaal, het verskeie gemeentes afgestig. Hy bedien onder meer die Hervormde Kerke Bethal, Hendrina (5 jaar), Bronkhorstspruit (4 jaar), Randburg en Kensington (5 jaar), Delmas (11 jaar) en Van Der Hoff (12 jaar).

Ds. van Schalkwyk emeriteer op 3 Junie 1995 in die Hervormde Kerk en sluit by die AP Kerk aan. Hy word beroep na die AP Kerk Lydenburg, waar hy dien vanaf Julie 1995 tot Maart 2001. In April 2001 begin hy sy bediening in die AP Kerk Tuinplaas. Vir 17 jaar, tot 2018, arbei ds. Van Schalkwyk in hierdie gemeente. Hier was hy baie gelukkig. Onder sy leiding het dit baie goed gegaan in hierdie "plaasgemeente". Die gemeente was finansieel gesond, omdat die goeie Vader ons uitermatig geseën het met goeie oeste en bydraes van lidmate. Aangesien dit 'n plaasgemeente is, was die voedingsbron vir lidmaatgroei beperk. Lidmate wat na naburige dorpe verhuis het, het uit lojaliteit teenoor ds. Van Schalkwyk steeds by Tuinplaasgemeente aangebly om die gemeente in stand te help hou.

Ds. Van Schalkwyk was vir hierdie gemeente 'n vaderfiguur. Kenmerkend was sy stiptelikheid, pligsbesef, preekvermoë, humorsin, werksywer en gereelde huisbesoeke. Ons jaarlikse basaar is altyd goed beplan en was baie suksesvol. Dit was vir die gemeente baie hartseer toe hy vanweë die rype ouderdom van 89 jaar, sy bediening moes staak. Ná sy aftrede het die egpaar by hulle dogter, Alda, en skoonseun Gideon Serfontein, wat 'n pragtige woonplek aan hulle verskaf het, gaan woon.

Ds. Van Schalkwyk sterf op 20 Junie 2021. Die gemeente van Tuinplaas dank ons hemelse Vader vir hierdie merkwaardige man wat vir 17 jaar hier gearbei het.

Ds. Van Schalkwyk se eggenote, tannie Lettie, was 'n ware steunpilaar vir hom en het ook 'n baie belangrike rol in ons gemeente gespeel. Sy was 'n onverskrokke sakevrou. Sy het gereeld konserte met driegang maaltye, wat deur die hele omgewing bygewoon is, aangebied. Bekende sangers het gedurende hierdie geleenthede by ons opgetree. Sy het byvoorbeeld *Groet die Grotman* op Nylstroom, in 'n volbespreekte saal, aangebied. Sy het ook pragtige naaldwerk gedoen, wat op ons basaar te koop aangebied is. Daar is gereeld koekies in die kerkkombuis gebak en verkoop. Vir die susters is gereelde en genotvolle uitstappies gereël. Sy was 'n uitstekende organiseerder en motiveerder vir die susters. Tannie Lettie was baie geliefd onder die kerklidmate. Sy is op 3 Julie 2021, twee weke na ds. Van Schalkwyk en op sy verjaarsdag, oorlede.

**Johan Maritz, Tuinplaas**

**Selfsorg akkommodasie met:**
Saal, herberg, kothuise en kamp staanplekke.
NUUT: 4x4 baan, bergfiets/wandelroetes.
Ideaal geleë op die N11, 3 ure vanaf Pretoria.

MAJUBA 1881

**Skakel Theuns Snyman by 079 274 7978**

**Voornemende en huidige PUK-studente**

Drie en-suite gemeubileerde kamers en twee gemeubileerde eenslaapkamer woonstelle. 1,5 km van NWU-kampus, elektriese omheining en reaksie sekuriteit met veilige parkering.

**Kontak Willem Davel: 082 338 7386 of Mias van der Ryst: 083 229 1951**



Kontak my vir die bespreking van plaaslike en internasionale vakansies en besigheidsreise.

Alta Lötter
Tel: 012 653 2353 of 082 708 5876
alta.lotter@travelcounsellors.co.za
www.travelcounsellors.co.za/alta.lotter

travel counsellors



**Wili-werk-ni**

Ten volle toegeruste vakansiewoning op die grens van Margate en Uvongo. Loopafstand na die strand. Pragtige see-uitsig. Billike tariewe

*Skakel Willie of Poppie Brits: Tel. 039 317 2076, Sel: 082 746 4852*
*Queenstraat 18, Uvongo*

**Hartenbos vakansie-akkomodasie**

**Marjohandie Woonstel:** 3 slaapkamer, 2 badkamer, oopplan kombuis en leefarea. Slaap 6 persone. DSTV, wasmasjien, skottelgoedwasser, tuimeldroeër, onderdak ingeboude braai. Loopafstand van die see.

**Die Huisie:** 3 slaapkamer, 2 badkamers, oopplan kombuis en leefarea. Slaap 6 persone. DSTV, wasmasjien, verskuifbare braaier. Loopafstand van die see.

*Bring eie bad- en swemhanddoeke.*
*Geen troeteldiere of bediendes nie.*

**Kontak Cornelle 082 377 4896**

**PRETORIA OORNAG KAMERS**

Rustig en skoon. Naby N1, Menlyn Mall en vyf hospitale. Selfsorg.

**Kontak Rosi by 082 748 5042**

**Voornemende en huidige KOVSIES 2021**

Vind u geestelike tuiste en skakel in by ons bedrywighede.

**AP Kerk Bainsvlei – Kontak ons by 082 614 5857**

**Die Boekwinkel**
LIG IN DUISTERNIS UITGEWERS




In Bid jy? word die leser direk, persoonlik en vol deernis aangemoedig om te bid. "Ek wil graag hê dat die tyd waarin ons lewe, 'n biddende tyd sal wees. Ek begeer dat die Christene van ons tyd, biddende Christene sal wees."

Hierdie blokraaisels is gemik op die aandagtige lees van die Bybel. Daar is geen kopkrappers of duistere leidrade nie! Al die antwoorde is in die betrokke hoofstuk te vind. Terwyl u ontspan met blokraaisels, leer u die Bybel beter ken. Mag u daardeur ook die Outeur van die Bybel beter leer ken.




**U kan op die volgende maniere bestel: PLAASLIK: By u gemeente se kolporteur**
**AANLYN: www.liginduisternis.co.za | PER E-POS: boekwinkel@liginduisternis.co.za**

**NIGEL**

## Stap vir Bybels

Die AP Kerk Nigel het op 11 September 2021 weer 'n Bybelstap aangegebied. Die geleentheid is ten bate van Bybelverspreiding, om die Bybelgenootskap te help met die druk van beskostigbare Bybels in al ons landstale.

As gevolg van die pandemie kon ons eers drie weke voor die tyd met reëlings vir die stap begin. Ons kon gelukkig weer ons roete bekom, wat onderworpe is aan goedkeuring deur die SAPD en die Metro-raad.

Die gemeenskap het ons goed ondersteun, inaggenome die kort tydjie tot ons bekikking om die dag te adverteer. Ons het 120 stappers gehad. Ons dag het baie goed afgeloop en ons is dankbaar dat ons dit kon hou, dankbaar vir al ons lidmate wat gehelp het en almal se bydraes en handewerk.

'n Spesiale dank aan ds. Jacques Boonzaier, wat met voorbeeld gelei het en laaste maar nie die minste, dank aan ons hemelse Vader wat vir ons 'n windstil, sonskyndag voorsien het.

Basaarkomitee, AP Kerk Nigel











## VOLKSHULP 2000

Volkshulp 2000 is 'n geregistreerde, nie-winsgewende welsynorganisasie wat na hulpbehoewende volksgenote omsien. Volkshulp 2000 ontvang geen hulp van die Staat of buitengewoon groot ondernemings nie. Ons is ten volle afhanklik van donasies en ander skenkings deur volksgenote. Hulpbehoewende volksgenote se getalle neem toe. Gesinne, kinders en bejaardes is die slagoffers van omstandighede buite hulle beheer. Ons doen 'n beroep op volksgenote om ons te help om die toenemende nood te bestry. Belastingkortingsertifikate is op aanvraag beskikbaar.

**Straatadres:**
Steadlaan 246, Queenswood, Pretoria
**Tel. nr.:** 012 755 8201/2,
**Posadres:**
Posbus 11824, Queenswood 0121
**Bankbesonderhede:**
Tjekrekeningnommer: Absa 10176514, takkode: 632 005

**By voorbaat baie dankie vir u bystand**


**BLOKKIESRAAISEL ANTWOORDE:** OKTOBER 2021, BL. 21





# Dood van Jopie (Joseph Johannes) Fourie tydens die Rebellie van 1914

**Dr. Pieter Möller**

Volgens 'n brief wat Jopie Fourie die nag voor sy dood geskryf het, is hy op 28 Augustus 1878 (en nie soos algemeen aangedui 27 Augustus nie) op die plaas Wildebeesthoek in die Pretoria-distrik gebore. Tydens die Jameson-inval in 1895 het hy as 17-jarige burger en in opdrag van generaal Piet Cronjé, aan Jameson die boodskap geneem om oor te gee. Ná sy skoolopleiding word hy 'n amptenaar in die ZAR-staatsdiens.

Sy betrokkenheid tydens die Tweede Vryheidsoorlog word vanweë 'n gebrek aan ruimte nie bespreek nie, behalwe om te vermeld dat hy tydens 'n mislukte poging om perde van die vyand te buit, so ernstig aan sy regterbeen verwond is, dat dit hom permanent mank gelaat het en hy hom vir mediese behandeling aan die vyand oorgegee het. Ná die totstandkoming van die Unie-Verdedigingsmag, het hy in 1913 by die Aktiewe Burgermag aangesluit en is met die rang van kaptein by die 13de Berede Skutters aangestel.

Op 10 Oktober 1914 het hy die Krugerdagherdenking in die Operagebou in Pretoria bygewoon, waartydens generaal Beyers gevra is om as spreker op te tree. 'n Meerderheid Engelse Jingo's[1] het ook die verrigtinge bygewoon en dit met hulle barbaarse optrede ontwrig. Selfs toe die opening deur ds. Herman van Broekhuizen waargeneem is, het hulle luidkeels *God save the King* en *Rule Brittania* geskreeu. Jopie het hulle in Engels versoek om hulle optrede te staak, omdat die doel van die byeenkoms was om die nagedagtenis van 'n groot Afrikaner te gedenk. Dit het egter geen indruk op hulle gemaak nie en hulle het net meer rumoerig geraak, tot vandalisme oorgegaan en met vrot eiers, tamaties en so meer begin gooi. Die gevolg was dat Jopie en 'n paar ander Boerseuns onder hulle ingevlieg het. Uiteindelik moes die polisie die orde kom herstel. Buite het die skorrie-morries met hulle optrede voortgegaan, feesgangers wat die Operahuis verlaat het met allerhande voorwerpe bestook en selfs Beyers se motorbande stukkend gesny. Geen ondersoek of vervolging is daarna ingestel nie. Hierdie gebeure het 'n onuitwisbare indruk op Jopie gemaak.

Alhoewel hy 'n vurige ondersteuner van Louis Botha was, het hy ná 'n onderhoud met hom op 24 Oktober besef dat hy dit nie met Botha se invalsplanne van Duits Suidwes-Afrika eens is nie. Hy het ook besluit om nie gehoor te gee aan Botha se versoek om vas te stel hoeveel ondersteuners van generaal Beyers daar in sy (Jopie se) distrik was nie. Hy was ten gunste van vryheid vir sy vaderland en het derhalwe besluit om hom by die burgers wat soos hy voel, te voeg. Sy broer het hom vergesel. Gevolglik het hy hom twee dae later, in uniform en sonder om uit die Weermag te bedank, by generaal Beyers aangesluit. Hy was mettertyd in tien skermutselings met regeringstroepe betrokke, waartydens hy en die burgers by hom glo deurgaans nie-aanvallend opgetree het. Tydens die laaste hewige skermutseling op 16 Desember by Nooitgedacht, noordwes van Pretoria, is hy en 'n deel van die kommando gevange geneem en na Pretoria geneem.

Hy was onverstandig om nie uit die Weermag te bedank nie en is gevolglik deur 'n veldkrygshof in Pretoria van verraad aangekla en op 19 Desember, soos sy broer, ter dood veroordeel. Sy broer se vonnis is weldra na vyf jaar hardepad verander. Toe Jopie die krygshof toegespreek het, het hy nie vir homself om genade gepleit nie, maar wel vir sy broer en sy manskappe, wat hy gesê het, onder sy invloed was. Pogings tot begenadiging is wel aangewend, maar het op niks uitgeloop nie, omdat generaal Smuts oënskynlik van Jopie 'n voorbeeld wou maak. 'n Versoekskrif wat 'n pleidooi om begenadiging bevat het, is sonder verwyl opgestel. Dit is aan 'n afvaardiging bestaande uit dominees DF Malan, HS Bosman, CA Neethling en advokaat Gey van Pittius en dr. FCA Grünberger opgedra om dit aan Smuts by sy plaas Doornkloof, net buite Irene, te gaan oorhandig. Smuts het hulle egter moedswillig ontduik deur op die plaas te gaan stap en later inderhaas na Pretoria te vertrek. Hy het dit ontken, maar 'n huishoudster van hom het jare later bevestig dat dit wel die geval was.

1 Sterk Engelsgesinde Afrikaners.

Vervolg op bl. 36



# Is ek opgewasse?

**Charlotte Fourie**

Ons verwelkom graag vir Charlotte Fourie as rubriekskrywer van ons nuwe, maandelikse rubriek oor kinderopvoeding. Charlotte het in Potgietersrus grootgeword. Sy is in 2017 getroud en is die mamma van drie woelwaters wat in 2018 en 2019 gebore is. Sy is 'n gesoute opvoedkundige en het haar BEd Senior- en VOO-fase en BEdHons by die NWU se Potchefstroomkampus voltooi. Sy is tans 'n Wolkskooldosent by die Solidariteit Skoleondersteuningsentrum waar sy inhoud vir Die Wolkskool ontwikkel, betrokke by die ontwerp van effektiewe onderrig- en leerpraktyke in skole is en sy lei ook soms onderwysers op in verskeie aspekte van die onderwys.

Iewers in Mei vanjaar was ek die middag ná werk alleen tuis met ons drie kleuters Josua, Charlot en Daniël. In die sitkamer het Josua en Charlot oor 'n laken begin baklei. Charlot het hard probeer om die laken vir haarself toe te eien en het luidkeels haar ongelukkigheid te kenne gegee, maar Josua was slim: Hy het met sy hele gewig op 'n groot deel van die laken gaan lê en tevrede verder televisie gekyk, terwyl Charlot tevergeefs (en in trane) steeds aan die laken geruk en pluk het. Daniël, 'n jaar jonger as die tweeling, het die geleentheid aangegryp en op sy boetie se rug gespring vir 'n bietjie "perdjiery" – kaal boude en al. Al die opwinding het Daniël toe sommer die moed gegee om sy boetie oor die kop te slaan en aan die ore te byt. Vir 'n paar sekondes (wat soos weke gevoel het) het die drie kinders op die mat voor die televisie gestoei en almal van hulle het gehuil – nee, eintlik geskreeu! Toe Josua uiteindelik vir Daniël van sy rug kon afgooi en Charlot die laken kon gryp en daarmee kamer toe ontsnap, het ek ingetree.



*'n Skermgreep uit die video*

Waar was ek en verantwoordelike "ouertoesig" toe my kinders mekaar begin takel het? Ek was op die bank besig om 'n video van die sirkus wat voor my afspeel, te neem, want niemand, níémand sou werklik kon begryp wat daardie dag gebeur het deur net na 'n oorvertelling daarvan te luister of daaroor te lees nie.

## Goeie ouer-kind-verhoudings

My eerste gedagtes toe ek die rekenaar oopmaak en aan hierdie bydrae begin skryf, was: "O toggie, iemand wat wéét hoe om kinders groot te maak moet eintlik hierdie rubriek skryf; iemand wat wéét hoe om kinders te kweek wat mekaar en hul ouers liefhet; iemand wat nie noodwendig sulke video's op hul selfone het nie!"

Ek het toe maar vir raad na so iemand gaan soek. Ek het gedink daar is baie van hulle in my sosiale media "vriendekringe", want ek sien daagliks foto's van ooglopende volmaakte en gelukkige gesinne: kinders wat glimlag in hul tevrede ouers se arms en ouers wat die vreugdes en suksesse van ouerskap in plasings uitbasuin. Toe ek bietjie meer vrae begin vra, was dit eintlik maar net ouers wat, net soos ons, nog soekende was na die resep vir goeie, gesonde en Christelike kinderopvoeding.

Een van die groot voordele vir onderwysers, is die inligting wat hulle daagliks oor ouerskap kan bymekaarmaak. Ek was self 'n hoërskooljuffrou voordat ek 'n ouer was en dit was vir my vreeslik lekker om die verhoudings tussen kinders en hulle ouers fyn dop te hou. Die hele spektrum van die ouer-kind-verhouding was normaalweg sommer in een klaskamer teenwoordig: van

verhoudings wat na my mening groot skade aan beide partye doen, tot verhoudings waaroor ek in verwondering kon staan. Wat doen ouers dan reg wanneer dit kom by goeie kinderopvoeding? Ek kon die volgende stukkies raad vind:

- **Moenie bang wees nie –** onderdruk daardie skielike, onbeskryflike, "hoendervel-kry" vrees dat jou kind jou gaan verwerp, jou nie gaan volg nie, nie van jou gaan hou nie, nie sy volle potensiaal gaan bereik nie of nie betrokke gaan wees by 'n groot genoeg verskeidenheid van aktiwiteite nie. Prioritiseer aktiwiteite wat jou gesin saam kan doen – ook jou verhouding met jou kind – eerder as blootstelling aan al die "ervarings" daar buite;
- **Ken jou kind –** word 'n kenner van jou kind deur sy talente, belangstellings, sterkpunte en tekortkominge noukeurig te bestudeer. Ontdek wie jou kind is en geniet sy uniekheid;
- **Dra jou kind aan die Here** op en vertrou dat God se wil in jou kinders se lewe sal seëvier;
- **Leef 'n aansteeklike geloof in die Here uit –** laat julle geloof in die Here ook 'n geloof in julle kinders aansteek; *en as ek my herinner die ongeveinsde geloof wat in jou is, wat eers gewoon het in jou grootmoeder Loïs en in jou moeder Eunice, en wat – daarvan is ek oortuig – ook in jou is* (2 Tim. 1: 5);
- **Handhaaf 'n gesonde huwelik –** dit is normaalweg hier waar ouers se kele toetrek, maar gesonde (nie volmaakte nie) huwelike is die kerneienskap van goeie ouerskap. Man en vrou was 'n gesin voordat daar kinders was en ouers moet gereeld hieraan herinner word. Prioritiseer 'n gesonde huwelik, want dit is in hul ouers se huwelik waarin kinders God leer ken.

### Die dae is lank, maar die jare is kort

Wanneer die kinders nog klein is, dink ons maklik dat "daar nog baie tyd is" om hulle rég groot te maak – maar die kleintyddae is lank, terwyl die grootwordjare baie kort is. Voordat ouers hulle oë uitvee, is die kinders groot (dankie tog!), maar kan ons hulle betyds reg leer voordat ons kanse verby is? Beslis nie! Ons kan egter probeer.

Volg die voorbeeld wat die Here Jesus stel en wees lief vir jou kinders. Vra die Heilige Gees vir leiding, bid en lees die Woord van God. Wees afhanklik van die Here en leef jou Bybelse rol as ouer uit.

### Wat kan die gemeente doen om te help?

Sit jy ook Sondae in die kerk en bewonder die jong gesin wat instap, met die oulike kinders en hulle fraai uitrustings? Bak volgende week dalk vir hulle 'n pastei vir aandete – die kanse is goed dat dit 'n uur of twee grasie vir daardie ouers bied om kosbare tyd saam met hulle kinders deur te bring. ☺

---

Vervolg vanaf bl. 34

## Dood van Jopie (Joseph Johannes) Fourie tydens die Rebellie van 1914

Dit kan egter aanvaar word dat Smuts nie gehoor sou gee nie, al het die afvaardiging hom wel gespreek. Ewe ongevoelig was dit dat Jopie eers om negeuur die aand meegedeel is dat hy die volgende oggend, Sondag 20 Desember, tereggestel sou word. Dié nag het ds. Neethling saam met hom deurgebring en het hy briewe aan sy geliefdes, vriende, regspan en aan Louis Botha geskryf. Sy geloof in die drie-enige God spreek duidelik uit hierdie briewe en hy verklaar dat God se wil geskied en verwys ook na Psalms 121 en 23. Verder vra hy dat daar nie oor hom getreur moes word nie, maar dat sy geliefdes mekaar moet vertroos, want: *De boom die geplant is, en met mijn bloed benat is, zal opgroeien tot een grote boom.* Aan Botha skryf hy: *Gy waart mijn ideaal als Afrikaander, maar ek ben nu teleurgesteld* en voeg daaraan toe dat hy hoop Botha voel lekker oor die smart wat hy sy familie aandoen. Hy het ook gevra dat die woorde *Voor God en voor Vaderland op sy grafsteen aangebring moet word.*

Terwyl die vuurpeloton om vyfuur die oggend aangelê het, het die 36-jarige Jopie 'n gesang gesing. Waarskynlik het Jan Smuts opdrag gegee dat hy na die teregstelling sommer inderhaas op die gevangenisterrein in 'n graf geplaas moes word. Twee nagte later is hy ewe stilletjies opgegrawe en onder 'n vals naam in die Rebeccastraat-begraafplaas begrawe. Deur die toedoen van sy vrou, Susan, is hy op 27 Oktober 1915 opgegrawe en in 'n nuwe kis herbegrawe, net om met die nodige toestemming op 20 Desember 1923 finaal in die Heldeakker te ruste gelê te word.

Die wyse waarop Jopie Fourie deur Jan Smuts en Louis Botha se ongenaakbaarheid aan sy einde gekom het, het groot bitterheid onder Afrikaners tot gevolg gehad. Dit het van Jopie Fourie 'n held én martelaar gemaak én die beeld van die Botha-bewind groot skade berokken, waarvan Botha en Smuts later die wrange vrugte sou pluk. ☺

# Moenie hierdie sakpas geskenkidees misloop nie!




Hierdie boek werp meer lig op die lewe en dade van Fritz Joubert Duquesne. Hy was 'n Boerespioen wat ook in diens van die Duitse Geheime Diens was en wat gereken word as een van die top spioene van die wêreld.


Hoewel hy na die Vredesluiting in 1902 na Amerika is en nie weer na sy land teruggekeer het nie, is dit sy land se geskiedenis wat sy toekoms gevorm en bepaal het. Sy ma se vernederende dood in 'n Britse konsentrasiekamp het iets in hom vernietig, maar ook terselfdertyd iets anders in hom tot stand gebring wat van hom 'n ongekende en verbete vyand sou maak.

**PRYS: R380**

Is julle lus om saam met Klara en Frederik 'n spannende ontdekkingsreis na die Koninkryk van Musiek te onderneem? As julle baie leergierig is, graag in boeke verdiep raak en van musiek hou, is julle nou op die regte plek! Klara en Frederik, twee kinders wat baie van musiek hou, sal vir julle baie interessante onderwerpe en begrippe oor musiek in hierdie musiekensiklopedie verduidelik.




**PRYS: R240**





**PRYS: R155**


### Hierdie hele reeks (7 boeke) van CS Lewis is by Lig in Duisternis Uitgewers beskikbaar




**PRYS: R170**




**PRYS: R170**




**PRYS: R170**

**Vir bestellings of navrae: boekwinkel@liginduisternis.co.za / www.liginduisternis.co.za**


# Die Boekwinkel

LIG IN DUISTERNIS UITGEWERS

www.liginduisternis.co.za

Hierdie jaar se dagstukkies is geskryf aan die hand van 12 temas. Dit is gemik op die Christen se lewe onder God se heerskappy. Die temas wat behandel word, sluit in:

- 'n Godvrugtige lewenswandel
- Geestelike groei
- Verhoudings
- Gebed
- Versoekings
- Identiteit
- Diensbaarheid
- Rentmeesterskap
- Geloof(sekerheid)
- Kinderopvoeding
- Barmhartigheid
- Gawes





**Verkoopprys (posgeld ingesluit) is:**

**Opsie 1: R115**
Slegs dagstukkies *(Onder Sy heerskappy)*


**Opsie 2: R50**
Slegs Statistiek en Inligting (gedruk)

Die *Statistiek en Inligting* sal elektronies op ons webblad beskikbaar wees teen R30 elk.


## NUUT OP ONS RAK!




**PRYS: R70**




**PRYS: R50**




**PRYS: R140**

T: 012 362 1390 / boekwinkel@liginduisternis.co.za

Lig in Duisternis UITGEWERS

JEUG BOODSKAPPER
(012) 362 1390 • boodskapper@apk.co.za
No. 159 • November 2021

# Die gevaar van afgode

**In die Jeugboodskapper van Oktober het ek reeds verduidelik wat afgode is en dat afgode nooit vir jou ware vrede kan gee nie. In hierdie artikel wil ek graag probeer verduidelik waarom ons nie tevrede kan wees met hierdie afgode wat ons so maklik aanbid nie. Om ’n afgod te dien, hou drie groot gevare in: (1) daardie afgod dryf ’n wig tussen jou en God in; (2) daardie afgod eis altyd net meer en meer en (3) daardie afgod gaan jou iewers in die steek laat.**

## 1 Afgode dryf ’n wig tussen jou en God in

Baie keer sal jy hoor dat iemand nie Sondag kerk toe “kan” kom nie, omdat hulle nie daardie Saterdag kans gehad het om vir ’n toets of eksamen te leer nie, want hulle het aan sport deelgeneem. Soms kan dit nie anders nie – ek weet dit – maar kom ons wees eerlik oor wat dikwels gebeur: Ons het ons prioriteitslysie opgestel en ons het maar net eenvoudig besluit dat gehoorsaamheid aan God nie die belangrikste is nie.

As goeie punte vir jou belangrik was, sou jy waarskynlik nie Saterdag aan sport gewy het nie – jy sou geleer het. As gehoorsaamheid aan God die belangrikste was, sou jy onthou het dat Hebreërs 10:25 ons leer om nie van die erediens af weg te bly nie – jy sou kerk toe gegaan het. As God nie vir jou ’n prioriteit is nie, sal jy die hele tyd ’n rede kry om nie te doen wat Hy van jou vra nie – dit is so maklik soos dit. Afgode dryf ’n wig tussen jou en God in.

## 2 Afgode is nooit tevrede nie

As iets vir jou belangriker as God is, maak dit nie saak hoeveel jy doen nie, dit sal nooit genoeg wees om die afgod tevrede te stel nie. Om 'n afgod te dien, is baie soos om vuur te maak. Solank daar genoeg hout is, sal die vuur bly brand, maar sodra die hout opraak, gaan die vlamme dood. Nooit sal jy hoor dat 'n vuur nou genoeg hout het en dat hy nou vanself sal bly brand nie.

Wanneer ander mense se opinie van jou vir jou belangriker as God is, dan is jou grootste behoefte om gewild te wees. Om gewild te word, is een ding, maar om gewild te bly, is iets anders – dit is moeiliker as wat jy dink en die kompetisie is straf. Waarom dink jy is daar soveel popsterre wat allerhande vreemde goed aanvang? Tog maak dit nie saak wat jy doen nie, op 'n dag gaan jy agterkom dat jy nie meer "in" is nie en weet jy, niemand gaan omgee nie. Dan het daardie afgod alles wat jy het, soos 'n vuur verbrand en al wat jy oorhou, is die as.

## 3 Afgode gaan jou in die steek laat

Wanneer jy jonk is of wanneer dit goed gaan, wil jy dit miskien nie hoor nie, maar dit is ongelukkig waar: dinge gaan dalk nie vir altyd goed gaan nie. Iewers gaan jy oud word. Iewers gaan dit begin sleg gaan en dinge gaan nie weer beter word nie. Iets gaan iewers veroorsaak dat jy doodgaan – dit is 'n realiteit! Op daardie punt gaan jy niks meer hê om te gee nie.

Dink mooi. Wat kan enige afgod op daardie stadium vir jou doen? Watter troos kan geld of gewildheid of jou prestasies of ander se respek vir jou doen as jy besig is om te sterf? Niks nie. Alle ander gode gaan jou in die steek laat!

Die enigste een wat op daardie stadium vir jou iets kan doen, is die enigste, lewende en ware God. Ongelukkig besef baie mense dit te laat (dink maar aan die gelykenis van die vyf wyse en die vyf dwase maagde). Moet daarom nie rustig wees oor die afgode in jou lewe nie – dit is nie die moeite werd nie.

**Groete,**
**ds. Henning**



Johannes die Doper preek oor die Verlosser wat kom (Mt. 3:1-12; Mk. 1:1-8; Lk. 3:1-20)

# ENKELLOPENDHEID

*Opgestel deur Daleen Pienaar*

ANTWOORDE: Skandeer die QR-kode of besoek die volgende skakel: crossword.info/APKblokkies/ccw61FE

*Software © 2021 crossword-compiler.com*

**Soek die kursief en vet gedrukte woorde in die blokkie:** **Aardse** familiebande is **tydelik** van aard. Hieraan **herinner** die Here Jesus ons wanneer Hy die Sadduseërs met dié **woorde** **teregwys**: "Want in die **opstanding** **trou** hulle nie en word nie in die **huwelik** **uitgegee** nie, maar is soos **engele** van **God** in die **hemel**" (Mt. 22:30). Wanneer die Here Jesus sy **hand** oor sy dissipels **uitsteek** en **verklaar**: "Dáár is my **moeder** en my **broers**", **bevestig** Hy daardeur dat 'n meer **intieme** verbintenis as aardse familiebande **moontlik** is. Wie deur die **band** van **vrede** as **lede** van die **liggaam** van Christus aan **mekaar** **verbind** is, **beleef** 'n inniger verbintenis as wat 'n bloedverbintenis **ooit** kan wees – 'n verbintenis wat tot in **ewigheid** **strek** (Ds. Schalk Strauss, *Die Boodskapper*, September 2021).

| | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| E | W | I | G | H | E | I | D | O | H | E | M | E | L | Y |
| D | V | E | R | B | I | N | D | P | W | I | B | Z | Q | U |
| B | E | V | E | S | T | I | G | S | P | G | A | T | L | I |
| U | I | T | S | T | E | E | K | T | H | P | N | Y | F | T |
| W | O | O | R | D | E | E | N | A | M | L | D | D | Y | G |
| H | B | A | H | A | D | H | K | N | E | N | G | E | L | E |
| U | R | V | E | E | X | I | M | D | G | V | S | L | V | G |
| W | O | Q | R | J | L | A | X | I | D | Y | M | I | E | E |
| E | E | V | I | T | H | A | S | N | W | N | D | K | R | E |
| L | R | Y | N | I | A | I | M | G | X | O | B | M | K | Y |
| I | S | O | N | O | N | A | E | O | G | Y | E | E | L | D |
| K | O | B | E | O | D | R | R | A | E | K | L | K | A | T |
| M | E | D | R | I | E | C | F | D | I | D | E | A | A | R |
| N | E | I | N | T | I | E | M | E | S | X | E | A | R | O |
| L | I | G | G | A | A | M | H | E | P | E | F | R | U | U |

Aardse • band • beleef • bevestig
broers • engele • ewigheid • God • hand
hemel • herinner • huwelik • intieme
lede • liggaam • mekaar • moeder
moontlik • ooit • opstanding • teregwys
trou • tydelik • uitgegee • uitsteek
verbind • verklaar • vrede • woorde



## JOHANNES DIE DOPER

**Sagaría was 'n priester van die Here. Sy werk was om partykeer in die tempel van die Here te gaan werk. Dit was 'n baie spesiale werk. Wanneer hy nie in die tempel gewerk het nie, het hy saam met sy vrou in Judéa gebly. Haar naam was Elisabet. Hulle was baie lief vir die Here en het regtig probeer om aan Hom gehoorsaam te wees.**

Sagaría en Elisabet was al twee al oud en hulle kon nie kinders kry nie. Hulle het al baie tot die Here gebid om vir hulle 'n kindjie te gee, maar God het 'n ander plan met hulle gehad. Hulle het dit nie geweet nie en daarom het hulle gedink dat God besluit het dat dit beter is om nie vir hulle 'n kindjie te gee nie. Al het hulle die Here baie liefgehad, was hulle tog 'n bietjie hartseer daaroor.

Op 'n dag was dit weer Sagaría se beurt om in die tempel te gaan werk. Hy moes 'n spesiale reukoffer in die tempel van die Here gaan bring. Eers het hy homself mooi skoongemaak en sy pragtige priestersklere aangetrek. Daarna het hy 'n spesiale bak vol vuurwarm kole gereed gemaak. Hy het daardie kole op die altaar voor die tempel gekry. Hy het ook 'n mengsel van lekkerruikgoed by hom gehad.

Buitekant die tempel was daar baie mense. Omdat hulle nie priesters was nie, kon hulle nie saam met

hom in die tempel ingaan nie. Al moes Sagaría alleen ingaan, het die mense nog steeds voor die tempel gestaan en saam met hom tot die Here gebid. Die Here was vir hulle belangrik.

Binne in die heilige deel van die tempel was dit 'n bietjie donker. Daar was sewe spesiale kerse wat 'n bietjie lig gegee het. Daar was ook 'n tafel met spesiale brood op. In die middel van die vertrek was die altaar waarop die reukoffer gebrand moes word. Sagaría het die bak met gloeiende kole bo-op die altaar neergesit en die lekkerruikgoed bo-oor die kole gestrooi.

Soos wat die lekkerruikgoed gebrand het, was daar fyn rokies wat in die lug opgegaan het. Dit het Sagaría laat dink aan die manier hoe 'n mens se gebede voor God opgaan. Hy het sy oë toegemaak en saggies tot die Here gebid.

Toe hy sy oë oopmaak, sien hy iets wat hom groot laat skrik het! Net regs van die altaar het daar 'n engel van die Here gestaan. 'n Engel is 'n magtige boodskapper van God af en Sagaría was bang dat hy gaan sterf.

"Moenie bang wees nie, Sagaría," het die engel gesê, "julle het lank vir 'n kindjie gebid en julle gebede gaan beantwoord word. Al is jou vrou Elisabet oud, gaan sy swanger word en julle gaan 'n seuntjie kry. Jy moet hom Johannes noem. Johannes beteken 'God is genadig'. Hy gaan 'n spesiale werk vir God doen – hy moet 'n profeet vir God wees. Hy mag nooit wyn drink nie en die Heilige Gees sal in hom werk. As Johannes preek, gaan die Here hom gebruik sodat God se volk Hom weer sal dien."

Sagaría was só verbaas, dat hy nie kon glo wat hy hoor nie. "Gaan dit regtig so gebeur?" het hy gevra. "Ek is Gabriël wat voor die Here staan," het die engel geantwoord, "omdat jy my nie wil glo nie, sal jy eers weer kan praat wanneer die seuntjie gebore word."

Die mense wat buite gewag het, het ongeduldig geraak. Sagaría was baie lank in die tempel besig. Toe hy uitkom, kon hy nie praat nie. Hy het aan hulle probeer verduidelik wat gebeur het, maar niemand het verstaan nie. Hy moes iets wonderlik in die tempel gesien het, het hulle gedink.

Nadat Sagaría sy werk klaar gedoen het, het hy huis toe gegaan. Hy het alles wat gebeur het neergeskryf, sodat Elisabet dit ook kon weet. Nie baie lank daarna nie, het hulle 'n pragtige babaseuntjie gekry. Die Here het gedoen soos wat Hy belowe het!

# God is nie vervangbaar nie[1]



Ds. Henning Dafel

**Die eerste drie gebooie wys vir ons hoe ons voor die enigste, ware en lewende God moet lewe, maar ook hoe Hy ons lewens verander.**

Die eerste gebod leer ons dat ons geen ander gode behalwe God mag hê nie. Hy is die enigste Een wat ons moet aanbid. Hy moet die Een wees by wie ons wil wees en wat ons wil liefhê.

Die tweede gebod is amper dieselfde en leer ons dat ons God nie mag aanbid op ’n manier wat óns pas nie – die Bybel noem dit afgodery. Ons moet God leer ken soos wat Hy regtig is en nie soos wat ons graag wil hê Hy moet wees nie. Met ander woorde, ons mag nie vreemde gode aanbid nie en ons mag God ook nie op ’n vreemde manier aanbid nie.

Die derde gebod is ook amper dieselfde as die eerste twee gebooie. Ons mag God se Naam nie misbruik of minag nie. Sy Naam vertel vir ons wie Hy is. Geen mens het vir Hom ’n naam uitgedink nie. Hy het sy Naam self aan ons bekendgemaak. Sy Naam wys vir ons wat sy karakter is. Om hierdie rede het God vir Moses gesê: “*Ek* is wat *Ek* is”. God se Naam leer ons dat Hy ewig is – sonder ’n begin of ’n einde – en dat Hy niemand nodig het nie.

As ons God se Naam nie wil misbruik nie, beteken dit dat daar sekere woorde is wat ons moet gebruik en dat daar ander woorde is wat ons

---

1. In hierdie artikel word grootliks gesteun op die bydrae van Jon Lin in die *New City Catechism*.

moet vermy. Dit beteken dat ons God moet eer en respekteer wanneer ons van Hom praat, of dit nou met ons woorde of met ons dade is.

Kom ons gaan dink nog ’n bietjie oor die eerste twee gebooie. Sê nou maar jy glo in jou hart dat as jy hierdie of daardie ding kry, jou lewe volmaak sal wees en dat jy dan gelukkig en tevrede sal wees. Dit kan respek, of ’n sekere tipe werk, of selfs ’n verhouding met die geliefde van jou drome wees. Op ’n praktiese manier beteken dit dat jy van dag tot dag jou hoop meer op daardie ding plaas as op God. Jy dink dat daardie ding vir jou groter vrede of geluk as God kan gee. Dan oortree jy die eerste gebod. Jy het van daardie ding ’n afgod gemaak. Dan het respek, daardie volmaakte werk of selfs daardie persoon met wie jy ’n verhouding wil hê, die ding geword wat jy aanbid.

Die ander kant is ook waar. Wanneer jy God aanbid omdat jy wil hê dat Hy vir jou daardie respek, daardie werk of daardie verhouding moet gee, dan is jy ook besig om die tien gebooie te oortree. Jy is dan besig om vir God te sê hoe ’n tipe God Hy moet wees. Dan het jy eintlik vir jouself ’n ander god “ontwerp” waarvan jy meer hou. Wanneer jy dit doen, aanbid jy ook ’n afgod.

Waarom is hierdie gebooie dan so streng daarop ingestel dat ons God alleen moet aanbid en dat ons Hom net moet aanbid soos wat Hy ons leer om dit te doen en nie soos ons wil nie? Waarom is die derde gebod so streng daaroor dat ons God, sy Naam en sy karakter moet eer en respekteer?

Dit is so omdat God ons gemaak het met ’n honger wat net Hy kan versadig – ’n honger na Hóm. As ons probeer om Hom te verander, of as ons Hom met iets anders gaan probeer vervang, gaan ons nooit versadig wees nie. Ons harte gaan nooit rustig wees nie. Ons gaan nooit ware vrede hê nie en ons gaan nooit heel wees nie. Dit is waarom die kerkvader Augustinus geskryf het: “U het ons vir Uself gemaak en daarom is ons harte rusteloos totdat ons in U rus.”